

BOEK I.

DIE NAPOLEONTIESE OORLOGSJARE EN
HULLE NAWĒË, 1795–1826.

HOOFTUK I.

DIE AFRIKAANSE VOLK OP DIE DREMPEL VAN DIE NEËNTIENDE EEU.

§ 1. Mense uit dié Tyd wat vir ons Inligting verskaf het.

Ons het gesien hoe die Afrikaanse volk, toe dit die drempel van die neëntiende eeu betree, voor groot nuwe probleme gestel is; en waar dit vir die verdere vervolg van ons verhaal nou baie noodsaaklik word om omtrent die karakter en lewensomstandighede van ons voorouers in hierdie kritieke tyd goed ingelig te wees, is dit 'n groot geluk dat geen ander periode in ons geskiedenis ryker is aan reisbeskrywings en ander getuïenisse van tydgenote nie. So veelvuldig en breedvoerig is die bronne waaroor ons beskik, dat ons 'n baie helder beeld van die hele samelewing kan kry, en — ons wil dit beklemtoon — 'n beeld, oor die juistheid waarvan ons nie hoef te twis nie. Ons nader nou ongelukkig 'n tydperk, waaromtrent uiteenlopende opvattinge verkondig word. In die studie van die geskiedenis het sulke meningsverskille somtyds wel reg van bestaan, maar alleen wanneer ons met onvolledige gegewens moet werk. Hier is dit nie die geval nie; en ons mag byvoeg dat die geskiedenis van Suid-Afrika gedurende die neëntiende eeu, wat die hoofsaak betref, ook geensins vir soveel teenstrydige opinies ruimte bied as wat dikwels vermoed word nie. Almal wat hier eerlik en oordeelkundig en met die nodige kennis en toewyding na die historiese waarheid soek, sal in alle belangrike opsigte tot ongeveer dieselfde gevolgtrekkings moet kom.

Van reisigers soos Mentzel, Sparman, Paterson, De Jong, Thunberg, Stavorinus, Le Vaillant, e.a., wat tussen die jare 1770 en 1795 Suid-Afrika besoek het, kry ons reeds veel inligting omtrent die toestande hier teen die end van die agtiende eeu; maar veral na die Engelse verowering is ons land onder die Europese soeklig gestel, — 'n teken alweer van hoe dit in die rewolusionêre stortvloed meegesleur is; en hoe die Afrikaner sy lewe inrig, sy karakter en geaardheid, sy verhouding tot slaaf en naturel, ens., ens., word vraagstukke waaroor groot boekdele geskrywe word, wat mense in Londen en Parys, Amsterdam en Berlyn, met groot belangstelling lees en bespreek.

Uit die briewe van lady Anne Barnard, uitgegee onder die titel, *South Africa a Century ago*, kan ons veel van die samelewing in Kaapstad gedurende die eerste Engelse tydperk te wete kom. Haar man was die sekretaris van lord Macartney, en aangesien die vrou van die goewerneur hom nie na Suid-

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

Afrika vergesel het nie, het lady Anne Barnard die offisiële gesellighede georganiseer en so ook in aanraking gekom met dié deel van die Kaapse burgers wat daaraan deelgeneem het. Sy was 'n baie aangename en ontwikkelde dame, en ofskoon haar indruk van die sedelike toestande in Kaapstad nie gunstig was nie, het sy haar oor die algemeen op 'n simpatieke manier oor die Afrikaners uitgelaat.

Van veel meer betekenis uit hierdie tyd is die reisbeskrywing van John Barrow. Hy het ook met lord Macartney na Suid-Afrika gekom en die betrekking van ouditeur-generaal hier gekry. Verskillende uitgebreide reise, waaraan ons nog ons aandag sal moet gee, het hom ons land goed leer ken, en moes hom ook in staat gestel het om 'n deeglike indruk van die bevolking te kry. Dit het hom egter nooit geluk nie, omdat hy 'n baie gebrekkige kennis van die Hollandse taal had en van die staanspoor af, onder die invloed van Maynier en ander raadgewers, 'n uitgesproke antipatie teenoor die Afrikaanse koloniste aan die dag gelê het. Hy skeer hulle almal oor één kam, noem hulle lui, onsedelik, dom, oneerlik, lafhartig, onsedelik en wreed, en vind slegs één deug by hulle, nl. gasvryheid. Met Barrow begin eintlik die lasterkampanjie teen die Afrikaner, wat meer as 'n eeu sou voortduur. In 1803, na die terugawe van die Kaap aan Nederland, is hy terug na Engeland, waar hy tot 1845 'n hoë administratiewe pos in die Britse admiraliteit beklee het. Vir byna vyftig jaar bly hy 'n toonaangewende persoonlikheid in die Engelse publieke lewe; hy is b.v. in 1835 tot die baronetskap verhef; en sy *Travels into the Interior of Southern Africa*, wat in 1801 en 1804 in twee groot dele verskyn het en in verskillende tale oorgedruk is, het, soos ons nog sal sien, 'n geweldige uitwerking gehad.

Die groot teenspreker van Barrow was Lichtenstein, 'n Duitse medikus en geleerde, wat met kommissaris De Mist na Suid-Afrika gekom het. Hy was veel beter as sy Engelse voorganger in staat om die Afrikaanse volk te leer ken, want hy het nie alleen ons land nog deegliker deurkruis nie, maar sy kennis van die taal van die koloniste, die simpatieke houding, wat hy onmiddellik teenoor hulle ingeneem het, en sy gesellige omgang met hulle het hom op 'n baie intieme voet met hulle gebring. Na die tweede verowering van die Kaap is Lichtenstein terug na sy vaderland, waar hy professor aan die Universiteit van Berlyn geword en sy ondervindinge in Suid-Afrika te boek gestel het. Sy groot werk, oorspronklik in Duits uitgegee, is ook weldra in Engels, Frans en Hollands vertaal, en dit is vandag nog een van die mooiste boeke wat oor Suid-Afrika

OP DIE DREMPEL VAN DIE NEENTIENDE EEU.

geskrywe is; maar Lichtenstein kon, nieteenstaande sy hoë letterkundige bekwaamheid en wetenskaplike juistheid, nie vir Barrow uit die oog van die Engelse publiek verdring nie, en dit is aan ons geslag, wat die twee skrywers kalm kan beoordeel, oorgelaat om die waarde en waarheid van Lichtenstein se uiteensetting eindelik weer in die lig te stel.

Die werke van manne soos Barrow en Lichtenstein is vandag taamlik skaars, maar kan in die meeste groot stadsbiblioteke gekry word. Meer toeganklik vir die gewone leser is die briewe van De Mist en Janssens en die belangrike rapport van die sogenaamde *Kommissie van Veeteelt*, wat in die jaar 1805 uitgestuur is om die wolskaap onder die boere in te voer, want al hierdie stukke is deur Theal in die derde deel van sy *Belangrijke Historische Dokumenten* afgedruk. Gelukkig dat 'n ander werk, die laaste wat ons sal noem, ook maklik verkrygbaar is. Ons dink aan die *Memoirs* van Petrus Borchardus Borchards, die seun van ds. Meent Borchards, van 1786 tot 1830 predikant van Stellenbosch. Petrus Borchards het onder die Engelse in die siviele diens getree en was later magistraat van Kaapstad, waar hy op sy ou dag in 1861 sy herinneringe in Engels uitgegee het. 'n Verkorte Hollandse bewerking daarvan deur Olland het omtrent vyftig jaar later verskyn.

§ 2. Die Bevolking en die Land.

Kort na die Engelse verowering van die Kaap oorstyg die getal Hollandssprekende blank koloniste die syfer 20,000, en aangesien families met twaalf en meer kinders baie voorgekom het, sou dié syfer snel hoër klim. Volgens die sensus van die jaar 1798 was die totaal 21,746, as volg verdeel: in die Kaapse distrik 6,261, in Stellenbosch 7,256, in Swellendam 3,967 en in Graaff-Reinet 4,262. Die slawe het destyds op meer as 25,000 gestaan, waarvan 80 persent in die twee eersgenoemde distrikte woonagtig was. In Graaff-Reinet was nog geen duisend slawe nie, en hier sowel as in Swellendam het die Hottentots as huurvolk vir 'n groot deel die plek van die slawe ingeneem. Ons hoor wel nog van reste van ou Hottentot-stamgroepe, veral langs die suidkus, en ons tref hier en daar nog 'n kaptein aan, maar die ontbindingsproses was feitlik reeds afgeloop. Die aantal Hottentots binne die grense van die kolonie word in 1798 op omtrent 15,000 geskat, en 14,000 daarvan woon in Swellendam en Graaff-Reinet.

Na 1795 is die immigrasiestroom uit Nederland en Duitsland vir baie jare feitlik afgesny, en die bloedvermen-

ging waaruit die Hollandssprekende Afrikaners destyds bestaan het, is dus ook vandag nog die grondslag waarop hulle afkoms berus. Dit is onmoontlik om ons bloedvermenging matematies te bepaal, maar in die algemeen kan ons sê dat ons vir meer as die helfte van Nederlandse afkoms is, en dat minstens eweveel Duitse as Franse bloed in ons are vloei.

Die vier distrikte waaruit die kolonie bestaan het, was baie ongelyk in grootte. Die Kaapse distrik het die Skiereiland en die westelike kusstreek, die Swartland, tot by die uitloop van die Bergrivier in Sint-Helenabaai ingesluit; Swellendam het van Kaap Agulhas tot by die Gamtoosrivier, tussen die Swartberge en die see lankuitgestrek gelê, en tesame was hierdie twee distrikte heelwat kleiner as die van Stellenbosch of Graaff-Reinet afsonderlik. Stellenbosch het van die suidkus tot aan die Buffelsrivier in die noordweste en die Gamkarivier en die Nuweveldberge gerek. Ons kry 'n beter indruk van sy afmetings as ons daaraan herinner word, dat Swartland, die Hantam, die Rôeveld en die Koup, sowel as Worcester en Caledon van vandag binne sy grense geval het. Graaff-Reinet was nie veel kleiner nie. Van goewerneur Van Plettenberg se baken naby die Oranjerivier, het dit langs die Gamkarivier, die Swartberge en die Gamtoosrivier in die weste na die see gestrek, en oor die Stormberge sy bekende oosgrens gekry. Die Sneeuberge, Tarka, Swaershoek, Bruintjieshoogte, die Kamdeboo, Swartkopsrivier en die Suurveld, tussen die Sondags- en die Visriviere, was sy belangrikste onderafdelings.

In hierdie groot gebied was slegs één versameling van huise wat enigsins aanspraak op die naam van 'n stad kon maak, en hoogstens vyf aaulêe wat na dorpe begin lyk het. Kaapstad het, afgesien van die garnisoen, 'n bevolking van omtrent 15,000 gehad, waarvan die derde blankes was. Die moederstad het sy ou roem as 'n aangename en interessante verblyfplek behou. Die huise het oor die algemeen twee verdiepings en plat dakke gehad, en hulle eenvoudige maar sierlike fronte, klein-geruïte vensters, groen blindings en breë voorstoep, het hier van 'n ou gevestigde, rustige en betreklik welvarende burgerlike samelewing getuig. Die hoofstrate was wyd en lugtig, met gragte in die middel en eikebome aan weerskante. Die mooi tuin was nog altyd die trots van die Kapenaars en hulle geliefkoosde wandelplek.

Stellenbosch, met sowat sewentig woonhuise en 'n duisend inwoners, het sy oorspronklike, lank-uitgestrekte vorm langs die Eersterivier behou, maar die drie strate wat ewewydig met die rivier geloop het, is ook deur verskillende dwarsstrate gesny,

sodat die besoekers, wat graag hierheen gekom het, werklik die indruk van 'n dorp, of soos Lichtenstein sê, selfs van „eene kleine stad” gekry het. Al die strate was eikelane, en elke erf het sy groot tuin gehad.

Franschhoek was nog geen dorp nie, maar slegs 'n digbevoonde buurt. Die Paarl, daarenteen, waar omtrent dertig plase en erwe in die omgewing van die kerk aaneengeskakel langs die een lang straat gelê het, kon reeds as sulks deurgaen. By Swartlandskerk was 'n paar huisies, en by die Warmbad aan die Swartberg (Caledon) 'n paar huurkamers, sodat hierdie twee plekke nog nie die naam van dorp verdien het nie. Aan die dosyn wonings en winkels rondom Rodesandskerk en die drosdye van Swellendam en Graaff-Reinet kan ons dié onderskeidingstietel egter reeds gee. Op Swellendam was daar omtrent dertig wonings, maar Graaff-Reinet het volgens Barrow nog maar bestaan uit „a dozen mudhouses covered with thatch.”

Die groot gros van die Afrikaners woon dus op die land en nie in dorpe of stede nie, en sterk onder die indruk hiervan kan ons nou daartoe oorgaan om hulle karakter en lewenswyse te bespreek.

§ 3. Die Karakter en Lewenswyse van die Koloniste.

Barrow verdeel die koloniste in vier klaste: die bewoners van Kaapstad, die wynboere, die koringboere en die veeboere, en volgens hom het ons hier te doen met 'n afgaande kulturele skaal, wat egter in sy hoogste trap, die stedeling, nog laag genoeg was. Hy erken wel dat die Kapenaars baie netjies gekleed gegaan en in mooi huise gewoon het, en dat die jong dames nogal lewendig en welgemanierd was, maar op slot van sake vind hy reeds die meeste van die nasionale gebreke, wat ons reeds opgesom het, onder die Afrikaners aan die voet van Tafelberg. Van die Kapenaars veral geld sy opmerking: „a man, who in his dealings can cheat his neighbour, is considered as a *slim mensch*, a clever fellow; even stealing is not regarded as criminal, nor does it materially affect the character of the thief. Truth is not held as a moral virtue, and lying passes for ingenuity.”

Ons hoef vir Barrow gelukkig hier nie te ernstig op te vat nie. Ons het genoeg bewys van sy onvertroubaarheid en vooroordeel. Dit sal waarskynlik waar wees dat die ongesonde ekonomiese sisteem van die Oos-Indiese Kompanjie 'n minder goeie uitwerking op die ekonomiese begrippe van die koloniste gehad het; en ons kan ook glo dat dié kringe van die Kaapse

burgers, wat hulle vanaf die jaar 1781 graag met vreemde-linge afgegee het, somtyds dié sedelike swakhede, waarvan lady Anne Barnard hulle beskuldig, geopenbaar het; maar ons het baie grond om aan te neem dat die Kapenaars oor die algemeen, nie alleen in hulle huise en kleding nie, maar ook in hulle handel en wandel deftig en waardig was.

Ons sien hulle die soort van klein-besigheid en spekulaties drywe, waaraan die Kompanjie hulle gewend gemaak het; hulle woon die vandiesies baie getrou by, koop en verkoop daar op spekulasie, huur hulle slawe uit, tree as agente vir die landelike bevolking op, en beoefen so hulle skerpsinnigheid op allerhande maniere, somtyds ten koste van die vreemdeling, wat hulle dit nie vergewe nie. Hulle hou veel van die onderlinge gesellige verkeer, en in sommige kringe word veel gedans. Maar ofskoon die Kapenaars, as ons hulle met die egte boere vergelyk, baie lewendig en skerpsinnig was, sien ons tog dat 'n man soos Barrow hulle langsaam, grof en lui vind. Sy vooroordeel het hom hier laat mistas, en die rustige trots van die vermoënde Kaapse burgers, wie se huise vir 'n groot deel vir die verweersaars gesluit gebly het, het hom mislei. Hy sien hoe hulle, kalm en rustig, sonder ophef of geraas of gejaagdheid, maar noukeurig en presies hulle besighede verrig, en hoe hulle nadat fatsoenlik om belet gevra is, besoeke by mekaar aflê, waar die mans dan apart sit en rook; hy verneem van die algemene gewoonte om na die middagete 'n uurtjie te rus, en hy gewaar die vriende-groepies, wat na volbragte dagwerk op die stoepe sit gesels. Dit alles, tesame met die gulhartige manier waarop getrakteer word, bring die vreemdeling maklik onder 'n verkeerde indruk; want die rustige vlytigheid, stille lewenslustigheid, fatsoenlike matigheid en welgemanierdheid van die Kapenaar was nie dinge wat opgeval het nie, en die sleutel tot die mooi huislike lewe wat agter die groen blindings aangegaan het, het Barrow in elk geval nooit gekry nie. Hy het wel later met 'n Afrikaanse dame, mej. Anna Maria Truter, in die huwelik getree, maar sy was juis uit 'n famielie wat definitief die Engelse kant gekies het, en van wie hy moeilik 'n onpartydige oordeel oor die ander minder-Engelsgesinde burgers sou gekry het.

Van die wynboere en die koringboere, wat volgens Barrow langs die genoemde afgaande skaal al die ondeugde en swakhede van die Afrikaanse koloniste in 'n ruimer mate besit het, vertel hy ons verder niks nie, en dit is taamlik duidelik dat hy, wat hierdie mense betref, bai sleg ingelig was. Hy het nie onder hulle geleef of in hulle pragtige wonings, wat hy so in

die verbygaan tog moes bewonder, vertoef nie. Ons moet dus ander gaan raadpleeg wat dit wel gedaan het, en die beelde wat hulle vir ons ontwerp, moet nog verewig word deur onskilders en romanskrywers. Baie geld het die aristokratiese wyn- en graanbouers nie gehad nie; maar, hoe vreemd dit ook in die moderne oor mag klink, hulle kon grotendeels daarsonder klaarkom en dus ook die depressies, waaraan die Kaapse mark van tyd tot tyd onderwerp was, deurleef en welvarend bly. Die groot geheim hierby was dat byna elke eiendomsplaas vir 'n baie groot deel 'n selfstandige ekonomiese eenheid gevorm het. Die werktuie waaroor die boer beskik het, sy ploeg, wa, ens., was vrywel nog dieselfde soos in die tyd van Adam Tas, en in die gewone bedrywighede, wat die plaaslewe meegebring het, wingerd-spit, wyn-maak, graan-dors (deur perde op die dorsvloer) ens., ens., het hy by hom ook nog aan die gewoontes van 'n eeu tevore gehou, maar in 'n veel hoër mate as drie geslagte vroeër het die landbouer nou op sy plaas voortgebring die dinge wat hy vir sy bestaan nodig gehad het. Sommige het selfs in hulle behoefte aan vleis self voorsien, want hulle het veeposte oor die berge aangehou.

Laat ons vir Lichtenstein na so 'n plaas vergesel, dié van Jakob Laubscher, nie ver van Saldanhaabaai nie, om te sien hoe die voorspelling van Van Goens eindelijk vervul is, en die gevestigde boer soos 'n outydse edelman sy groot huishouding ingerig en geregeer het, en laat ons daarby oplet, hoe verkeerd Barrow was, toe hy die landbouers van luiheid beskuldig het. Die woonhuis is goed ingerig, so ook die stalle, skure en werkkamers, waarvan daar 'n aansienlike aantal op die werf staan. Laubscher besit 80 perde, 690 beeste, byna 3,000 kleinvee en baie pluimvee; hy saai 60 mud koring; en hy voed daaglik 105 persone. Ons laat Lichtenstein dan verder aan die woord:

„'n Afrikaanse boerdery van soveel belang lyk veel meer na 'n klein, selfstandige en afgesonderde staat, die lede waarvan mekaar onderling bystaan en van mekaar afhanklik is. Uit die opbrings van die land en die veetroppe moet al die persone, wat lede van die huishouding is, onderhou word, sodat die oorskot waarlik nie so groot is as 'n mens sou dink nie. Dit is miskien net toereikend om die uitgawes vir sulke artikels goed te maak, wat nie op die plaas self gewen of vervaardig kan word nie; en hulle is: (1) fabrieksware, soos laken, linne, hoede en gewere; (2) weelde-artikels, soos koffie, tee, suiker en speserye; (3) grondstowwe, waaruit iets gemaak kan word, soos yster, teer en pik.... Ek durf beweer dat daar, buiten die genoemde artikels, nie veel meer gevind word wat nie op

die plaas opgebring of vervaardig word nie. Daar is geen handwerk wat hier te pas kan kom, waarin nie die een of ander van die slawe bedrewe is nie. Die woning is met werkplekke van allerlei soorte omring, en dit is waarlik belangrik om te sien en na te gaan, hoe al hierdie werksaamhede in so 'n klein bestek met mekaar verenig is, en in welke noue betrekking die een tot die ander staan. Die huisbaas, wat van al hierdie handwerke iets afweet, hou bestendig die toetsig oor die geheel, iets wat hom waarlik, by die uitgestrektheid van sy gebied en die menigte van voorwerpe wat hy in die oog moet hou, nie maklik val nie. Ofskoon hy self geen hand aan die werk slaan nie, sou dit nogtans die hoogste onregverdigheid wees om hom van luiheid te beskuldig. Die Afrikaanse landman is inderdaad werksaam en bedrywig sonder dié uitwendige besigheidsgedoente en woelagtige bestellery, waarmee in Europa die luiheid en werkeloosheid somtyds so mooi bemantel word. Hierby kom dan nog dat die klimaat, die afgesonderde lewenswyse, die gemis aan onderlinge verkeer, die ryk vrugbaarheid van die natuur in die opbrengs van die noodsaaklikste lewensbehoefte en ander omstandighede meer die Kaapse kolonis 'n sekere koele bedaardheid gee en al sy bewegings enigsins langzaam maak, hoedanighede wat maklik vir traagheid kon aangesien word, en wat, dit kan 'n mens nie ontken nie, skerp afsteek by die rustelose werksaamheid van die laer volksklasse in Europa."

Met één woord kan ons die hele bestaan en lewenswyse van die gevestigde koloniste beskrywe: dit was *patriargaal*. Al die lede van so 'n „klein, selfstandige en afgesonderde staat" is goed besig gehou en goed versorg. Die huismoeder met haar dogters en slavinne het oor haar deel daarvan geregeer, die groot huishouding van kos en klere voorsien, botter en seep gemaak, komfyt gekook ens. En die Afrikaanse kookkuns was beroemd! Veral by feestelike geleenthede, 'n bruilof, die verjaarsdag van die huisvader, 'n vandiesie of as daar besoek was, het die boervrou uitgemaal, en 'n groot oorvloed van lekkernye, gebraaide speenvarkies en pluimvê, kerrie-vleis, soesaties, blatjang, atjar, sambaal, ingemaakte vrugte, ens., ens., vir haar gaste voorgesit. Goewerneur Janssens skryf aan kommissaris De Mist uit Swellendam: „Het geene men van de gastvrijheid zegt en skrijft is niet overdreven. Tot hier aan de drostdij zijn wij alle niet alleen wel ontvangen, maar overal vonden wij tafels met profusie opgedist en bijzonder goed gereed gemaakt, en buiten bij zeer extra gelegenheden is onze tafels er verre inferieur aan; evenwel is meest alles voort-

brengselen van de eigen plaatsen, en dus minder eene weelde en groote kosten als wel uiterlijk zoude schijnen. In Europa bereekent men wat men behoef om een gegeven getal gasten, na zijne omstandigheden, te ontvangen; hier bereidit en geeft men alles wat men maar kan uitdunken dat geeftbaar is." Ook die slawe en slavinne en ander bediendes het 'n gewaardeerde deel van die groot huishouding uitgemaak. Hulle is op hulle plek gehou, en die tug was streng; maar selfs Barrow moes erken dat die slawe in Suid-Afrika besonder goed behandel is, en hy wys daarop dat in die Kaapse distrik die jaarlikse sterftesyfers onder blankes en slawe respektiefliek slegs 2.5 en 3 per-sent was.

Die patriargale welvaart, wat taamliek algemeen onder die landbouers kon aangetref word, was minder bespeurbaar onder die veeboere van die binneland. Oos van Swellendam en noord van die Heksrivier en die Olifantsrivier was goeie woningsbaie skaars, en die koloniste woon meesal in hartbeeshuisies, wat dikwels slegs uit twee vertrekke bestaan. Ook die selfgemaakte meubels, riempie-stoele en -ledekante, was grof, en met vleis as hoofskottel by elke maaltyd het die ete die reisiger dikwels verveel. Waar die Kapenaars en ook die landbouers van die Boland, ofskoon in mindere mate, die Europese modes nagevolg het, vind ons die veeboer en sy famielie veel eenvoudiger gekleed. Hy het gewoonlik 'n breërand hoed, kort baadjie, growwe hemp, lang, wye velbroek en velskoene gedra, terwyl die mees-kenmerkende artikel in sy vrou se drag die kappie was. Die behoeftes van die bewoners van die binneland was beperk; wol- en linnegoed, koffie, tee en suiker, breekgoed, lood, yster, gewere en ammuniesies was ongeveer alles wat hulle van oorsese produkte nodig had, en die boer van die Hantam of die Sneeuberge op sy jaarlikse reis na Kaapstad, waar hy sy wavrag botter en seep, 1,500 pond, teen ses stuiwers die pond van die hand gesit het, kon betreklik maklik sy inkoop maak. Vir sy doeleindes het hy oor genoeg kontantgeld beskik, want hy het gewoonlik ook 'n paar wissels, wat die slagters-agente hom by die verkoop van vee gegee het, by sulke geleentehede in Kaapstad in klinkende munt of papiergeld omgesit. Sy inkomste was skynbaar kleiner as die van die landbouer, maar die bewoner van 'n eenvoudige hartbeeshuisie was dikwels 'n welvarende man, want die koste aan sy boerdery verbind kon baie laag gehou word; hy het b.v. maar min slawe, dié groot kapitaal-belegging van die Bolander, nodig gehad. In Graaff-Reinet was daar skaars één slaaf vir elke famielie.

Barrow gebruik sy sterkste afkeurende adjektiewe, wanneer

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

hy hom oor die karakter en lewenswyse van die veeboere uitlaat. Hulle was, volgens hom, by uitstek onsindelik, lui, wreed en lafhartig; maar uit sy eie woorde weet ons dat hy baie sleg in staat was om oor hulle 'n oordeel uit te spreek. Hy het altyd as 'n vyand onder hulle verskyn, en hy het die omgang met hulle vermy. Lichtenstein, daarenteen, wat lank onder hulle geleef en hulle vertrouwe gewen het, beskryf vir ons die ouers van die Voortrekkers, soos ons graag aan hulle dink. Hy beklemtoon keer op keer die keurige netheid en sindelikeit wat hy selfs in die eenvoudigste grenswonings aangetref het; hy praat van die „natuurlike beskaafdheid,” wat hulle onder die ongunstige omstandighede aan die dag gelê het; en hy ontken dat die boere oor die algemeen, soos Barrow met verontwaardiging meedeel, hulle Hottentotbediendes en beeste hardvotig mishandel het. Hy beweer intendeel dat die Hottentots in die reël dit goed onder hulle base gehad het. De Mist het hierdie bevinding van Lichtenstein onderskryf, en ons sal later sien dat verskillende oordeelkundige Engelse gesagvoerders in dieselfde gees van die veeboere getuig het. Wat die sogenaamde luiheid van die binnelanders betref, moet ons in herinnering roep wat oor Laubscher se boerdery aangemerk is; maar ons moet tewens erken dat die bedryf van die veeboer hom nie tot hande-arbeid aangespoor het nie. Tereg sê Lichtenstein hieromtrent: „'n Mens kan hom daarvoor beklac, maar nie uitskel of verag nie.” En dan mag ons ook nie vergeet nie dat die sogenaamde lui veeboere, sodra die omstandighede dit vir hulle moontlik gemaak het, daar vër op die grens in baie gevalle die neiging openbaar het om met alle tekens van vlytigheid die landbou te beoefen en 'n bestaan te voer, wat met dié van hulle meer begunstigde vriende van die Boland 'n vergelyking goed kon deurstaan. Die Afrikaanse volk was nog altyd 'n eenheid. Een broer was miskien 'n wynboer van Stellenbosch en kon as 'n gelyke goewerneurs in sy huis ontvang en hulle met die omvang van sy werksaamhede imponeer. 'n Ander broer, wat in die Rôeveld of die Sneeuberge 'n herderslewe gelei het, het homself geensins as minderwaardig beskou nie, en het somtyds selfs op die grens daarin geslaag om tot 'n meer gevestigde en ontwikkelde ekonomiese bestaan terug te keer. Tjepies van hierdie rigting was Bêrend Burger, die patriarg van die Sneeuberge. Op sy plaas, of liewers *plase*, want al sy kinders het rondom hom gewoon, was groot damme, irrigasie-vore, vrugteboorde en koringlande, en sy veetroppe, skape, horingvee en perde, was soos die van Job, nadat die Heer hom weer geseën het. Sy huis was op dieselfde skaal aangelê,

groot en ruim en so goed ingerig soos die beste Bolandse woning. 'n Ware patriarg was oom Bêrend, ook op godsdienstige gebied. Toe kommissaris De Mist van hom afskeid neem en aan hom sê dat dit seker vir hom baie aangenaam moes wees om al sy kinders so naby hom te hê, was sy antwoord: „Ja, die aankoop van al die naburige plase het my, dis waar, duur genoeg te staan gekom, maar daarenteen is dit vir my, by my toenemende ouderdom, 'n groot genoë om elke Saterdaggaand al my kinders en kleinkinders by my te sien en in gemeenskap met hulle Sondagoggend my huisgodsdienste te hou.”

Ons kan ons voorstel dat die bewoners van die binneland, vermaagskap en geestelik verwant soos hulle was met die aristokrate van Kaapstad en Stellenbosch, moeilik op die grens so snel gedegenereer het tot die monsters van dooierige traagheid en lafhartige wreedheid wat Barrow van hulle maak. Ons hoef hulle nie te idealiseer nie. Daar was ook swakkes en slegtes onder hulle, maar oor die algemeen geneem, ken die wêreldgeskiedenis geen pioniers wat kragtiger, reiner, lewenslustiger en meer getrou aan hulle kulturele herkoms, as hierdie vaders en moeders van die Voortrekkers was nie. Selfs Sparman, wat nie baie goed met hulle oorweg gekom het nie, moes op slot van sake erken: „Kortom hier (onder die veeboere) moest men een onschuldig, deugdzaam en gelukkig leven kunnen leiden”; en waar is daar 'n Afrikaanse seun of dogter wat nie somtyds in die stilte wens: „Ag, as ek onder hulle kon geleef het!” 'n Heerlike, vry lewe moes dit gewees het, vol van gevare en ontberings, maar ook vol van die soort van ontspanning, wat die jeugdige krag beoefen en bevredig. Met hoe veel innerlike plesier het Lichtenstein in die Hantam geluister na „'n paar kloeke jong seuns, uit wie se oë krag en lewenslustigheid gestraal het,” wat „op 'n seer vrolike trant in die kort, kragtige, Afrikaans-Hollandse taal” van hulle jag-en reis-awonture vertel het. En laat ons hom ook na die huis van kommandant De Klerk by die Gamkarivier vergesel om te sien of die Afrikaanse vrou van die binneland destyds dooierig en lafhartig was. De Klerk was 'n welgestelde boer en 'n beroemde vegsman en jagter. Hy was 46 jaar oud en had reeds 31 leeus geskiet, maar „desondanks,” vertel Lichtenstein, „was hy geen meester in sy eie huis nie, waar sy moeder, 'n vrou van 75 jaar, met onverbiddelike gestrengheid geheers het. Sy het self aan ons gesê: My seun is bevelvoerder in die veld, maar hier is ek baas, en ek sal dit bly so lank soos ek leef. Die ou dame was pas van 'n reis na Kaapstad teruggekeer; en toe ek (Lichtenstein) met haar praat oor die vrou

van veldkommandant Gerots, wat op 'n tyd toe die Boesmans in die afwesigheid van haar man 'n groot aantal skape gesteel het, met slegs één Hottentot die rowers self agterna gesit, op hulle geskiet en op die vlug geja het, was moeder De Klerk van mening, dat sy, so oud soos sy was, nog in staat was om dieselfde te doen; en in haar eie lewe, het sy bygevoeg, het sy dikwels sulke gevaarlike awonture gehad. In die algemeen (so gaan Lichtenstein voort) moet 'n mens sê dat die Afrikaanse vroue net so moedig en vasberade in tyd van gevaar is, as wat hulle by hulle teetafel traag en gevoelloos skyn te wees." Wanneer ons van sulke gevalle lees, kan ons goed begryp dat die onderveldse nooiens, swaarlywig soos hulle volgens die berigte van baie reisigers ook dikwels was, niks daarvan gemaak het om drie tot vier uur ver te perd te ry om met hulle vaders en broers vir 'n dag of twee by vriende te gaan kuier nie.

Ons het reeds daarvan melding gemaak, dat Barrow van die gasvryheid, in elk geval, van die koloniste 'n hoë dunk gehad het. Wat hy daaromtrent sê is die moeite werd om aan te haal: „There is one virtue in which they eminently excel — hospitality to strangers. A countryman, a foreigner, a relation, a friend, are all equally welcome to whatsoever the house will afford. A Dutch farmer never passes a house on the road without alighting, except indeed his neighbour's, with whom it is ten to one he is at variance. It is not enough to inquire after the health of the family in passing: even on the road, if two peasants should meet, they instantly dismount to shake hands, whether strangers or friends. When a traveller arrives at a habitation, he alights from his horse, enters the house, shakes hands with the men, kisses the women and sits down without further ceremony. When the table is served he takes his place among the family without waiting for an invitation If there be a bed in the house, it is given to a stranger; if none, which is frequently the case among the graziers of the distant district of Graaff Reynet, he must take his chance on a form of bench or a heap of sheep skins among the rest of the family. In the morning after a solid breakfast he takes his *sopie*, or glass of brandy, orders his slave or Hottentot to saddle the horses, shakes hands with the men and kisses the women: *he* wishes them health, and *they* wish him a good journey. In this manner a traveller might pass through the whole country."

Daar is baie aanduidinge in hierdie beskrywing dat Barrow van die Afrikaanse gasvryheid veel gehoor, maar weinig self ondervind het. Sy gedurige beklemtoning van die *sopie*, waar-

aan hy verskillende kere afskuwelike beelde van die dronkenskap wat algemeen onder die boere sou geheers het, vasknoop, is 'n voorbeeld van hoe hy deur sy vooroordeel en gebrekkige kennis mislei is. Uit sy eie woorde kan ons maklik aflei dat die dronkaards, wat hy dan so veelvuldig teengekom het, nie ons voorouers was nie, — maar basters en *hulle* blank vriende. Die tyd van Adam Tas was al lank verby; en koffie en tee was nou die nasionale drank van die Afrikaner. Lichtenstein sê hieromtrent: „Uit elke tien koloniste is daar seker drie, wat in die geheel geen wyn of brandewyn drink nie, en die res maak daar so 'n matige gebruik van, dat voorbeelde van dronkenskap inderdaad baie seldsaam is. Wat die heer Barrow ook van die sopie, as 'n geliefkoosde drank van die koloniste, mag vertel, ek kan nogtans heilig verseker dat ek gedurende die hele tyd van my verblyf onder die koloniste slegs een keer 'n gebore Afrikaner dronk gesien het. Die Europeane egter, wat as knegte en skoolmeesters onder hulle lewe en voorheen matrose of soldate was, is baie aan dronkenskap oorgegee; want dit is 'n onbetwisbare waarheid, dat ons lae volksklasse in die stede sowel as op die land (in Europa) baie ver benede hierdie Afrikaanse boere staan wat betref ware sedelike beskawing.”

Oor één swak punt in die karakter van die Afrikaner, waarvan Barrow ook in die bo-aangehaalde uittreksel melding maak, is al die ander beriggewers dit met hom eens, hoe heg die famieliebände, hoe gulhartig die ontvangs op byna elke plaas ook was, dwarstrekkerij en onderlinge vyandskap het veelvuldig onder die koloniste, selfs onder broers, voorgekom. Ons vind dat bure jare-lank 'n wrok teen mekaar koester en aanbly. Hulle versamel „verklaringen,” d.w.s. beëdigde skrifstukke, om teen mekaar in die howe te gebruik; en kommissaris De Mist, b.v., moes verskillende kere as vrede-stigter optree. Hierdie neiging tot stryery vind sy verklaring in die trotse, ongeërfde selfstandigheidsin van die boer, in sy oordrewe individualisme, maar ook in die eienaardige omstandighede van sy bestaan. Ons weet dat die binnelandse leningsplase nie duidelik afgebaken was nie, en die twistes was gewoonlik oor grense. Vandaar die gesegde, dat elke boer met almal op 'n vriendskaplike voet verkeer het, behalwe met sy bure. So erg was die toestand natuurlik nie, maar weiregte was 'n vrugbare bron van onenigheid. Die Afrikaanse gasvryheid het ver gegaan, maar dit het nie die vee van die buurman ingesluit nie, en die trekboer was nie onder die gevestigde koloniste welkom nie. Om die trek met vee te vergemaklik en die lang reis met ossewaens moontlik te maak, is groot plase, die sogenaamde uitspannings,

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

hier en daar langs die paaie deur die regering oopgehou, maar niemand mog langer as twee dae op so 'n plaas vertoef nie.

Waar ons dit hier oor trekkery het, mag ons nog toevoeg dat ou moeder De Klerk nie 'n uitsondering op die reël was nie. Veral die boere van die binneland het baie min daarvan gemaak om te perd of per ossewa lang distansies af te lê. Hulle moes na Kaapstad kom om te trou en besigheid te doen, maar 'n boer uit Swaershoek ry maklik na die Hantam (in Calvinia) om sy famieliebetrokkings daar te besoek, — en hy neem sy famielie saam. Hierdie beweeglikheid van die veeboere het 'n belangrike rol in hul ontwikkeling gespeel. Daardeur het hulle gedurig in kontak gebly met die ou gevestigde kultuurgebied in die suidwestelike hoek, maar daardeur is ook die trekgees, wat vir sommige 'n vloek geword het, aan die lewe gehou en versterk. Dit is begryplik dat die seuns baie graag aan die lang togte deelgeneem het. Op die groot vlaktes van die binneland veral, was wild volop — maar ook gevaarlike wild; lees: is b.v. teen die end van die agtiende eeu nog af en toe tot in die nabyheid van die Warmbad (Caledon) aangetref. Die Boland het ander en minder aantreklike moeilikhede en gevare opgelewer. Die weë was baie sleg, en dit was 'n groot gesukkel om oor die berge te kom. Ook die riviere het dikwels aanleiding tot versuim — of waaghalsigheid gegee. Brugge het totaal ontbreek. By die mond van Heksrivierkloof het die pad vyf keer deur die rivier gegaan. Hier en daar was 'n pont, oor die Brederivier by Swellendam en naby Brandvlei en oor die Bergrivier by die Paarl, maar as die stroom dit ook maar enigsins toelaat, het die suinige drywers, om die pontgeld te bespaar, die voorkeur aan die driwwe gegee.

§ 4. Godsdienis.

Alle skrywers is dit eens dat die koloniste baie godsdienstig was. Selfs die mees afgesonderde grensbewoners het probeer om minstens die nagmaalsvierings by te woon; in die eenvoudigste huise het die Bybel, Willem Sluiter se gesange en miskien ook 'n preekbundel 'n geërde plek ingeneem; en hulle is getrou gebruik. Sondagmôres, as die famielie tuis was, het baie boere die voorbeeld van oom Bèrend Burger gevolg en, naas gesang en gebed, aan die vergaderde huisgenote 'n hoofstuk uit die Bybel en 'n preek voorgelees. Ook die huisgodsdienis gedurende die week, saggens en saans, is gereeld gehou, en dat 'n maaltyd „ongeseënd” kon begin of sonder dankgebed kon eindig, was ongehoord. Die slawe en bediendes het gewoonlik aan die huis-

OP DIE DREMPEL VAN DIE NEËNTIENDE EEU.

like godsdiensoefenings deelgeneem, en as daar 'n „geleerde” besoeker teenwoordig was, het *hy* die „boeke” gekry. Lichtenstein vermeld die volgende van die eenvoudige boere van die Rôeveld: „Die dagwerk het elke oggend na sonsopgang begin met die sing van 'n psalm en die lees van 'n hoofstuk uit die Bybel. Nie alleen die kinders nie, maar ook al die slawe en Hottentots moes daarby teenwoordig wees, en die meerderheid van die gekleurdies, veral die vroue, het die mooiste psalms geken en in 'n skerp diskant saamgesing. Daarna word die vee uit die kraal geja, die wagters kry elk sy rantsoen rou vleis, en almal begeef hul na hulle werk. In die aand as die vee teruggebring en getel is en die wagters hulle kos gekry het, kom die hele gesin weer in die huis bymekaar. Dan verskyn daar 'n Hottentotmeid met 'n groot pot water, wat vir almal, van die huisvader tot die kleinste kind toe, die voete was. Vervolgens word 'n tafel in die middel van die vertrek gesit, waarby almal wat christen is, plek neem; die slawe en Hottentots daarenteen gaan, soos in die oggend, langs die muur op hulle hurke sit; en die vader lees 'n stukkie uit een van sy preekboeke voor, waarop weer na die sing van 'n psalm die aandgebed volg. Bowendien is Sondags nog 'n plegtige godsdiensoefening gehou, en daarby 'n baie lang preek voorgelees. Aangesien daar, behalwe hierdie preekboeke, geen ander boek in die huis was as die Bybel nie, en my huisgenote my by voorkeur hierin sien lees het, het hulle my weldra vir 'n baie vroom en godgeleerde man gehou, en aan my is toe opgedra om die aandvoorlesing op my te neem en om, soos die gewoonte van die deurreisende sendelinge was, aan die vergaderde lede van die huisgesin 'n hoofstuk uit die Bybel voor die vuis te verklaar.”

Die „sendelinge” waarvan hier sprake is, verteenwoordig 'n beweging, waarmee ons in die verbygaan reeds kennis gemaak het. Ons het gesien hoe die nuwe tyd hom op godsdienstige gebied in Duitsland en Engeland geopenbaar het, en hoe Georg Schmidt van die Morawiese Broedergemeente in 1737 as eerste Protestantse sendeling na die Kaap gekom het. Sy werk moes gestaak word, omdat die godsdienstige konserwatisme in Nederland en Suid-Afrika destyds nog die botoon gevoer het, maar die kragte wat agter sy koms geskuil het, was sterk aan die toeneem. Ons sal ons herinner dat die Piëtiste sendingwerk op die voorgrond gestel het. Graaff Zinzendorf het gesê: „Oor die hele wêreld moet ons onvermoeid besig wees om siele te wen vir Hom wat Sy lewe vir *ons* siele opgeoffer het;” en van 'n ander Piëtis stam die woord: „Die liefde tot die mens volg eers uit die liefde tot Jesus, want uit hierdie liefde word gebore dié

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

reddende barmhartigheid, dié dienende ootmoed en dié opofferende onselfsugtigheid, wat in Jesus is.”

Naas die groot politieke omwenteling, wat sy eerste stootkrag van die grootste intellekte van die agtiende eeu gekry het, loop ook ’n godsdienstige herlewing, nou verwant aan die filantropiese en gevoelvolle filosofie van Rousseau en onweerstaanbaar voortgeplant deur ’n sedelike erns en gloed, wat dit tot aan die verste kuste sou uitbrei. Jubelend het ’n Engelse Piëtistiese digter gesing:

“There’s a fount about to stream,
There’s a light about to gleam,
There’s a warmth about to glow,
There’s a flower about to blow,
There’s a midnight darkness changing into gray —
Men of thought and men of action, clear the way.”

Hierdie nuwe godsdienstige gees het eers in die loop van die neëntiende eeu ’n belangrike faktor in ons geskiedenis geword, eers as ’n stil sylopie van die bruisende rewolusionêre stortvloed, later meer en meer daarmee vereenselwig; maar ons moet juis hier aan sy stil en vrugbare begin ons aandag gee om die godsdienstige lewe van ons voorouers selfs teen die end van die agtiende eeu te begryp.

Met ds. Helperus Ritzema van Lier het die godsdienstige herlewing in Suid-Afrika begin. Hy is in 1764 in Nederland gebore, het daar ’n skitterende loopbaan as student gehad, kom onder Piëtistiese invloede tot ’n kragdadige bekering en volg in Oktober 1786 vir ds. Borchers, wat na Stellenbosch gegaan het, in Kaapstad as predikant op. Al dadelik het hy ’n groot invloed begin uitoefen. Deur sy evangeliese preke, maar meer nog deur sy omgang en voorbeeld, sy toegewyde gebedslewe en sy brandende begeerte om die vuur wat in hom gegloei het ook in ander te sien opvlam, het die Piëtisme in Suid-Afrika vaste wortels gekry en is die sendingywer ook hierheen gebring. In baie Kaapstadse famielies is die meer formele kerklikheid van die agtiende eeu deur ’n gevoellose godsdienstigheid vervang, wat sy uiting gevind het in stigtelike samekomste en pogings om die Evangelie ook onder die gekleurdes te versprei. Van Lier wou graag ’n sendinggenootskap aan die Kaap stig. Hy het die verwesenliking van hierdie wens nie beleef nie, want hy is reeds op 21 Maart 1793 oorlede; maar nog voor sy dood, in 1788, het ’n aantal koloniste, o.a. mevr. Mathilde Smith, een van Van Lier se bekeerlinge, hulle verbind om sekere dae van

die week aan geestelike werk onder die slawe en Hottentots te wy. Die godvrugtige jong dominee het ook nog die vreugde gesmaak om die Morawiese sendelinge weer in Suid-Afrika welkom te heet. Johann Friedrich Reichel, 'n gesaghebbende verteenwoordiger van die Morawiese Sendinggenootskap, het in 1787 op sy terugreis van Indië, waar hy die sendingstasies van die genootskap besoek het, in Kaapstad vertoef en in sy omgang met Van Lier die versekering gekry dat die „Broeders” Georg Schmidt se werk kon kóm voortsit. Verlof is daartoe van Here XVII verkry, en teen die end van die jaar 1792 het die Morawiese sendelinge die werk in Genadendal hervat.

Michiel Christian Vos was die geestelike opvolger van Van Lier. Hy is in 1759 in Kaapstad gebore, kom as jongeling onder gematigde Piëtistiese invloede, wat reeds in die jare sewentig by ons werksaam was, en vertrek in 1780 na Nederland om vir predikant te studeer. Die kringe, waarin hy hom daar beweeg het, het sy aangebore neiging om in die godsdiens meer nadruk op die gevoel as op die dogma te lê, versterk, en nadat hy in Nederland 'n tydlang as afgestudeerde dominee sy beroep uitgeoefen het, kom hy in 1794 weer in Kaapstad aan en is in dieselfde jaar nog benoem tot predikant van Rodesands-kerk. Met die verskyning van Vos het die Piëtisme 'n aansienlike uitbreiding onder die boerebevolking begin kry. Sonder teenkantiing het dit wel nie gegaan nie; sommige van sy gemeentelede was nie gedien van die nuwerwetse sentimentele godsdienstigheid nie, en die, na hulle opvatting, oordrewe belangstelling van hulle dominee in die geestelike toestand van die Hottentots en slawe was ook nie altyd na hulle smaak nie; maar vir baie was hy die profeet van 'n nuwe tyd. Hy eers het vir hulle gewys wat 'n „waaragtige bekering” was, en hoe 'n „bekeerde” sy (of haar) lewe moes inrig.

Vos het weldra meer helpers gekry. In 1799 is die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap (Het Zuid-Afrikaanse Genootschap ter Bevordering van de Uitbreiding van Christus Koninkrijk) in Kaapstad gestig; in dieselfde jaar begin die eerste vier sendelinge van die „London Missionary Society,” dr. Van der Kemp, Kicherer, Edmond en Edwards, hulle werk in Suid-Afrika — 'n gebeurtenis wat later weer ons aandag sal geniet; en weldra vind ons in verskillende dele van ons land sendelinge en evangeliste in die gees van Van Lier en Vos onder blankes en gekleurdes werksaam.

Die uitwerking van hierdie godsdienstige herlewing op die koloniste was, volgens Lichtenstein, nie altyd ewe heilsaam nie. Van die mense by Rodesand sê hy die volgende: „In die alge-

meen is die bewoners van Rodesand openhartig en diensvaardig, maar ook, omdat hulle die bemiddelaars tussen die Kapenaars en die meer afgesonderde koloniste is, vlytiger en meer op hulle voordeel uit as die grensbewoners. In hulle huise heers netheid en aan hulle tafels weelde en oorvloed; hulle vroue en dogters gaan gekleed soos die inwoonsters van 'n stad en maak 'n nie heeltemal ongegronde aanspraak op verstand en beskaafdheid. Jammer is dit maar dat hier in die laaste jare, as gevolg van die verkeerde pogings van dweepsieke sendelinge, 'n soort van bigotterie ingedring het, wat die goeie karakter van die mense misvorm en hulle in onaangename, nors fanatieke verander het. Dans, gesang en spel is uit die geselskappe verban, en hulle kan hul predikant (Ballot, die opvolger van Vos) dit nouliks vergewe dat hy verdraagsamer dink en die jeug nou en dan tot vrolikheid aanmoedig. Deur die besighede van die landbou, die jag en reise behou die seuns nog hulle lewendigheid; maar die meisies sit gestadig in 'n vroom werkeloosheid. As hulle hul beweeg, geskied dit met 'n gemaakte langzaamheid, en hulle volg skynbaar, wat die houding van hulle liggaam aanbetref, die voorbeeld van hulle grootmoeders. Met gebede sonder sin en menigvuldige psalmgesang verstik hulle al die lewendige gevoel van die jeug...'' Dit is waarskynlik dat Lichtenstein, wat teenoor die Piëtisme onsimpatiek was, die werklike toestand enigszins skeef voorstel, maar hy gee ook ander voorbeelde van dié soetsappige onnatuurlikheid, waartoe die gevoelsgodsdienste maklik kan ontaard. In Goudenie b.v. tref hy 'n treurige sendeling-evangelis aan, wie se bediening seker nie daartoe kon gestrek het om sy toehoorders beter geskik vir hulle daaglikse pligte en lewe te maak nie.

Die nuwe evangeliese beweging is ook gou verder na die binneland oorgeplant. Aan die noordelike hang van die Swartberge, oos van die Gamkarivier, ontmoet Lichtenstein b.v. vir veldkornet De Beer, 'n gebore Pêreliet, wat 'n geesdriftige aanhanger daarvan was. Dit was in 'n sekere sin 'n teken van vooruitstrewendheid destyds om Piëties te wees, en in De Beer het die godsdienstige nuwerwetsheid saamgegaan met 'n groot bewondering vir die helde van die Franse Omwenteling. Hy het sy seuns na hulle genoem! Ons sal later sien hoe sommige sendelinge van die Londense Sendinggenootskap die Evangelie van Jean Jacques Rousseau aan die Evangelie van Jesus Christus vasgekoppel het. Veldkornet De Beer het dit op sy eie manier ook gedaan, maar die Afrikaanse Piëtiste, alhoewel in die reël vooruitstrewend, was oor die algemeen nie rewolusionêr gesind nie. Vos was 'n bewonderaar van die Engelse en

'n vyand van alle „Jakobynse idees.”

Dat die Afrikaners in die loop van die neëntiende eeu sterk deur die Piëtisme beïnvloed is, kan nie ontken word nie; maar of dié beïnvloeding werklik tot sulke ingrypende veranderings in hulle lewenswyse en beskouings gevoer het, as uit Lichtenstein se beskrywing kon afgelei word, is twyfelagtig. Die Calviniste, in teenstelling tot die Anglikane en Lutherane, het van die begin af dans as sonde beskou. Ook in Suid-Afrika het die danslustige volk, nieteenstaande kerklike afkeuring, sy natuurlike neiging tot ritmiese beweging behou en gedurende die agtiende eeu is veel gedans, veral in Kaapstad; maar heeltemal algemeen was dit waarskynlik nooit, en in hulle teenkating teen sulke „sondige vermaak” was die Piëtiste seker geen baanbrekers nie. By dansgeleenthede het die slawe die musiek verskaf. Lichtenstein sê hieromtrent: „Ek ken groot huishoudings waarin geen slaaf gevind word, wat nie een of ander instrument speel nie, en waar dus dadelik 'n orkes byeen is, wanneer die kinders, b.v. tydens die besoek van bekendes, op 'n agtermiddag 'n paar uurtjies wil dans. Net 'n wenk is nodig, en op die oomblik gryp die kok die fluit in plaas van die tang, die staljong verruil die roskam vir die viool, en die tuinier sit die graaf opsy om die violoncello te stryk.”

'n Heeltemal nuwe geestelike stempel het die Piëtiste nie op die Afrikaanse volk afgedruk nie. In kringe wat byna nie met hulle in aanraking gekom het nie, is in die begin van die neëntiende eeu so 'n ernstige godsdienstige lewe aangetref, dat Barrow dit oordrewe en „huigelagtig” noem. Lichtenstein daarenteen glo aan die egte vroomheid selfs van die mees afgesonderde grensbewoners, en hy wys o.a. met nadruk op die kiesheid van hulle taal. Hy sê: „Ons moet hier opmerk dat 'n mens uit die mond van 'n kolonis nooit 'n wanvoeglike woord, nooit 'n vloek, nooit 'n te vergaande beswering hoor nie. Hierdie aanmerking het ek in my verkeer met hierdie mense altyd bevestig gevind, en ek was meer as een keer getuie daarvan dat hulle hul met 'n sekere kies gevoel en edele afkeer oor die ruheid van ons dragonders of ander Europeane uitgelaat het, wanneer sulke persone in driftige opgewondenheid gevloek of onbehoorlike taal gebruik het. Die hooforsaak van hierdie goeie hoedanigheid is seker die algemeen-heersende godsdienstigheid van die koloniste, asook hulle afsondering van die wêreld, wat hulle teen baie ondeugde vrywaar.”

Ons sluit ons uiteensetting van die godsdienstige lewe van die koloniste met die bevinding van die Kommissie van Veeteelt: „Hoe onbeschaafd in sommige distrikten verskeide bewoonde-

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

ren ook zijn, die, schoon zij het doen kunnen, zig de eerste redelijke behoeftens van het leven niet veroorloven, enkel gesteld zijnde op hun gemak en zig neven hunne kinderen klee-dende met schaape vellen broeken en baatjes, zoo treft men, voor so verre de Commissie oppervlakkig heeft kunnen nagaan, er egter geene eigentlijke zedeloosheid aan. Men is zeer gesteld op wettige huwelijken. Op den godsdienst schijnt men prijs te stellen, de Bijbel, een gebeden of ander godsdienstelijk boek, liggen overal bij der hand. Op verscheide plaatsen maakt men zig nothans een zeer verward denkbeeld van godsdienst, een ieder wenscht egter in zijn district of in de nabijheid een kerk te hebben. Een ieder is gesteld op het doopen zijner kinderen, den eed houdt men voor een heilige zaak, nooit gaat men zonder te bidden aan tafel zitten. Daar en boven vindt men kinders en familien zeer aan elkander geattacheerd. Men rekt de betrekkingen zelfs zo ver uit als men kan. Een ieder noemt zig ten minsten *Neef* of *Niggie*, een ieder lamenteerd zeer het gebrek aan onderwijs zijner kinderen."

§ 5. Taal en Onderwys.

In die slotsin van die voorafgaande afdeling kry ons 'n aanduiding van die taal- en onderwystoestand. Wat die eerste betref, is daar baie bewyse dat Afrikaans reeds lank voor die end van die agtiende eeu sy beslag as aparte taal gekry het. Mentzel b.v. praat van die dames van Kaapstad wat *ons* vir *wy sê* en as hy hulle dan vra: „Hoeveel onse op 'n pond?" verleë word en bloos; en in 'n paar gedigte wat uit die jaar 1795 bewaar gebly is, vind ons bewyse genoeg dat Afrikaans toe reeds sy vaste vorm gehad het. Wanneer die vereenvoudigings- en afslytingsproses werklik sy afsluiting gevind het, kan intussen nog nie presies vasgestel word nie, en op die invloede wat daartoe bygedra het, is reeds in die verbygaan gewys.

Die spreektaal van die Afrikaner was Afrikaans; sy leestaal, Nederlands (en veral die Nederlands van die State-Vertaling); en sy skryftaal, gewoonlik 'n mengsel van albei. Ongeletterd in die sin, dat hulle nie hul name kon teken of hul Bybel kon lees, was die koloniste nie, maar hulle „geleerdheid" was van 'n beperkte soort. Die einddoel van die onderwys was in verweg die meeste gevalle die „aanneming" as lidmaat van die kerk, en hierdie einddoel is ook weerspieël in die leergeleenthede. Middelbare skole het nie bestaan nie. In 1714 is 'n inrigting met Latyn as leervak in Kaapstad gestig, maar die gebrekkige ondersteuning wat dit gekry het, het binne 'n

paar jare sy sluiting veroorsaak. In 1793 kom eindelijk weer 'n „Latynse skool” in die hoofstad tot stand, maar as gevolg van die ekonomiese depressie en die ineenstorting van die Kompanjie was ook sy bestaan baie kortstondig. Die laer kerk-skole het intussen voortgeduur. Hulle was onder die toesig van die kerkrade; en die sogenaamde „Scholarchen,” 'n regeeringskommissie waarop o.a. die predikante van Kaapstad gedien het, was veronderstel om 'n wakende oog oor opvoedkundige aangeleenthede te hou.

Die kerkskool op Stellenbosch was seker een van die beste in die kolonie, en uit die *Memoirs* van Borchers sien ons hoe elementêr die onderwys daarin was. Hy deel ons uit sy jeug die volgende mee: „I will attempt to describe a parish school of that time. The master (dominee Knoop) was a grey-headed man, of florid complexion, and lively eye, precise to a nicety, remarkably clean in appearance and habit, wearing spectacles, and generally a fine linen cap and chintz gown. He sat at his elevated little table, with a library at the back, and the various scholastic implements, such as rulers, pens, etc., spread before him, while the instruments of discipline then in use hung on the wall by his side. In front stood the large writing-table and benches, generally occupied by about forty or fifty of the rising generation, of all colours, some paying, others admitted gratis—the latter chiefly from the poor, maintained by the church funds. The school-fees ranged from fourpence half penny (d.w.s. 2 skellings = 12 stuivers) to one shilling and six pence (d.w.s. 1 riksdaler) per month (N.B. Borcherd se berekening is volgens die *gedepresiëerde* waarde van die Kaapse geld, waaroor later meer); and a roomy house near the church and garden and suitable outhouses were allowed by the parish, in addition to the master's small salary. Silence was the watch word, and eyes constantly fixed on the books was the rule. The school was opened and closed with prayer. The Bible was first read, then spelling, reading, arithmetic and writing classes were put in action, the seniors hearing the lessons of the juniors, the master taking the higher classes. Wednesday and Saturday were especially destined for religious instruction in the catechism and the Hellenbroeck. Attendance was regular, from eight to eleven in the morning, and from one to four in the afternoon. On Wednesday and Saturday half-holidays were allowed, three days during Easter and Whitsun weeks, and eight during Christmas—and these were the only holidays during the year; the last included New Year's

Day. Thus were the youth of the day plainly instructed in our village, in a manner both suited to their future various secular occupations in life, generally occupations in husbandry or some mechanical craft, and to qualify them for admission as members of the Dutch Reformed Church then the predominant and only one in the village; and this last was considered the highest degree of qualification. The Dominee was generally seen on Fridays, about eleven o'clock, preparing to meet the pastor. He usually dressed in a black coat, cut in the orthodox clerical style, knee breeches, and a silver knee and shoe buckles: the shoes high, well blackened and shining. He wore a wig with two rows of curls and a small three-cornered cocked hat; and carried under the left arm a fine rattan walking-stick, silver mounted, and walked with a grave and stately face to the parsonage, to receive the minister's directions for the service of the next Sunday, the Psalms intended to be sung by the congregation—so as to prepare himself to lead the singing as harmoniously as practicable, and to draw out lists of intended marriages, christenings, etc., to be entered in the parish registers. That day was also set apart to examine our habits, hands, shoes, etc.; and this little school parade caused much anxiety, for the good old master was determined to teach us cleanliness and to be neat in appearance. Relieved from school labour, I retired generally with my young school-fellows to the playgrounds, now Queen Square (die *Braak*), where kite and ball and the "kennetjie" game, amongst others, amused us; or, in summer, we visited that beautiful, fresh brook, the Eerste River, which runs through the village, to enjoy a cool bath in its clear waters. Happy, happy days! Even now I rejoice in the recollection of the past enjoyment, and the fine open and cheerful countenances of my now departed playfellows."

Die kinders van die verspreide boere was minder bevoorreg as Pieter Borchers, want hulle leermeesters was in die algemeen dié rondswerwende matrose en soldate, wie se neiging tot dronkenskap vir Barrow op 'n dwaalspoor gebring het. Hoe verder van Kaapstad, des te beperkter was dan ook die intellektuele belangstelling en gesigseinder. Tydskrifte en nuusblaaië het nog nie in die kolonie bestaan nie; daar was selfs geen regeringskoerant nie; en ons het gesien dat die Bybel en een of meer stigtelike werke die hele biblioteek van die gewone Afrikaner uitgemaak het. Geen wonder dat ontwikkelde reisigers die boere „dom" noem, dat Barrow hulle konwersasie (wat hy daarvan kon verstaan!) nie geniet het nie,

en dat selfs die simpatieke Lichtenstein hom somtyds onder hulle verveel het! Maar ons kan hier die pragtige woorde van Theal in herinnering roep: „And those travellers, who ridiculed the colonists of the interior because of their ignorance of what was transpiring in Europe, and their displaying such indifference to anything of that kind as merely to utter an occasional yes or no when an interesting account was being given, would probably have been surprised if an aged grazier had spoken about the lives of any of the old testament heroes or had compared a storm on the lofty inland plains with that grand description of one given in the twenty-ninth psalm. On subjects like these the grazier could talk freely enough, because they came within the range of his experience. He was living under such skies as those under which Abraham lived, his occupation was the same, he understood the imagery of the Hebrew writers more perfectly than any one in Europe could understand it, for it spoke to him of his daily life. He had heard the continuous roll of thunder which was as the voice of the Lord upon many waters, and had seen the affrighted antelopes drop their young as they fled before the storm, when the great trees came down with a crash and the lightning divided like flames of fire. He knew too of skies like brass and of earth like iron, of little clouds no larger than a man's hand presaging a deluge of rain, and of swarms of locusts before whose track was the garden of the Lord, while behind was a naked desert. When he spoke of these things he could be eloquent enough, but they were not subjects for conversation with casual visitors.”

* * *

So leer ons dan die Afrikaanse volk op die drempel van die neëntiende eeu in sy krag en swakheid ken; en ons wil die verhaal van sy verdere groei en uitbreiding in 'n veelbewoë tyd voortsit, maar soos voorheen reeds dikwels die geval was, moet ons hier eers weer die kuste van ons land verlaat om aan oorsese gebeurtenisse, wat die hele Europese beskawing grondig beïnvloed het en ook vir ons eie ontwikkeling van groot betekenis was, ons aandag te gee. Ons sal daarby die geleentheid kry en gebruik om een van die grootste dramas in die wêreldgeskiedenis, die opkoms en ondergang van Napoleon, in herinnering te roep.

HOOFTUK II.

NAPOLEON BONAPARTE.

§ 1. Die Opkoms van Napoleon.

Die groot Franse keiser, wie se wêreld-skokkende loopbaar die prestige van Frankryk hoër laat styg het as selfs in die tyd van Lodewyk XIV, was geen Fransman van geboorte nie. As die seun van Carlo Buonaparte, 'n doodgewone en weinig-bemiddelde advokaat, en Letitia Ramolino, sy mooi en energieke vrou, het Napoleon op 15 Augustus 1769 in Ajaccio op Korsika vir die eerste keer die lig gesien, en sy moedertaal was Italiaans. In sy jeug het hy, soos die meeste van sy landgenote, die Franse as oorheersers gehaat, en hy was 'n vurige ondersteuner van die onafhanklikheidsbeweging van Paoli, wat die vreemde juk waaronder Korsika sedert eeue gebuk gegaan het, wou afskud. Toe sy vader hom in 1779 na Frankryk stuur om as offisier opgelei te word, het hy hom geensins met sy medestudente op die militêre skool in Brienne vereenselwig nie, en tot sy twintigste jaar en selfs langer het hy sy eerste nasionale ideaal getrou gebly. Die stormjare van die Rewolusie het egter hierdie jeugdige neigings van Napoleon laat verflou. In die nuwe Frankryk, waar almal gelyke kanse sou hê, was daar ook vir hom groot moontlikhede weggelê, en as luitenant in die Nasionale Garde het hy reeds met minagting op die gepeupel neergesien en hulle uiteindelijke beteuling deur 'n paar kanonskote in die oog gevat. Ons weet hoe hy dan ook op 5 Oktober 1795 sy teorie verwesenlik en die omwenteling afgesluit het.

Van die ondersteuning van Barras, een van die lede van die *Directoire*, verseker, kon die jong Italiaanse Korsikaan nou op vinnige promosie reken, en met dié ongevoeligheid vir nasionale sentiment, wat sy hele latere optree gekenmerk het en hom uiteindelik tot sy val sou bring, doen hy finaal afstand van sy oorspronklike nasionaliteit om des te gouer en sekerder *carrière* te maak. Hy was trouens, wat dit betref, slegs 'n

NAPOLEON BONAPARTE.

navolger van die grootste geeste van die tweede helfte van die agtiende eeu, want ook Voltaire, Frederik die Grote, Rousseau, Lafayette, ens., het vir nasionale verskille weinig gevoel gehad. Dat die mensdom 'n eenheid vorm, was juis die hoofsaak van die leer van die filosofie. Sonder dat hy of iemand anders daar dus iets vreemds in gesien het, vereenselwig Napoleon hom nou wel met sy omgewing en laat b.v. die Italiaanse *u* uit sy van wegval. Hy verkeer in die hoogste geselskapskringe, wat onder die beskerming van die *Directoire* in hulle salons die verfynde hoflewe van die Bourbons weer begin voortsit het, en trou in 1796 met Josephine de Beau-harnais, die weduwee van 'n edelman, wat tydens die skrikbewind onder die valbyl gesterf het. Sy was ses jaar ouer as haar bruidegom, maar die beaampte voor wie die siviele huwelik, 'n instelling van die Rewolusie, gesluit is, het haar die vriendelikheid bewys om op die trou-sertifikaat haar ouderdom met ses jaar te verminder en een jaar aan dié van Napoleon toe te voeg.

Die oorlog teen die eerste Europese koaliesie, waarvan Engeland en Oostenryk die belangrikste lede was, het nog altyd voortgeduur, en aangesien die rewolusionêre leërs Engeland nie kon bereik nie, en die noordelike grens deur die onderwerping van die Nederlande vir Frankryk veilig gemaak was, moes die *Directoire* probeer om oor die Ryn en deur Suid-Duitsland heen die hoofvyand in die ooste te verslaan. Hierdie taak is veral aan twee beroemde Franse generaals, Jourdan en Moreau, opgedra, en die algemene gedagte was dat die beslissende kampanjie noord van die Alpe, waar hulle moes opereer, sou plaasvind. 'n Veel kleiner en slegter uitgeruste Franse mag sou egter Noord-Italië intrek om Oostenryk lastig te val, en op die voorstel van Carnot is die leiding hiervan aan Napoleon toevertrou.

Drie dae na sy huwelik verlaat die jong generaal Parys. Sy veel ouer en meer geoefende ondergeskikte offisiere trek hul skouers op by die verskyning van die klein ventjie met sy kort beentjies, bleek gesig, glinsterende swart oë en ongekamde hare, maar gou ondervind hulle die betowerende krag van sy persoonlikheid en genie. „Hy weet alles, hy kan alles en hy wil alles,” was weldra hulle opvatting, en die manskappe voel ook dat 'n man van buitengewone bekwaamheid hulle aanvoer. Voor sy koms het morrende ontevredenheid onder hulle geheers, want baie was selfs sonder skoene, en die soldy was al lank agterstallig. Napoleon begryp met 'n oogopslag die hele toestand, gee aan die kleinste besonderhede sy aandag en verbeter

B2

wat hy kan, maar hy wys tewens sy hongerlydende en skoenlose soldate na Noord-Italië, „die vrugbaarste dal van die wêreld, waar ryk landerye en groot stede verower en roem en rykdom kon behaal word.”

Nes in die tyd van die Renaissance was Italië nog steeds 'n verbrokkelde land, met hierdie onderskeid egter, dat belangrike dele daarvan nou onder vreemde heerskappy gestaan het. In die noorde het Genoa en Venesië nog as oligargiese republieke bly voortbestaan, en Viktor Amadeus III, koning van Nissa, Savoie, Piedmont en Sardienië, het die dinastie verteenwoordig, wat veel later Italië tot 'n staat sou verenig, maar Milaan en Mantua met die grootste gedeelte van die Po-dal was Oostenrykse gebied. Naas ander vorstendomme noem ons dan nog die kerkstaat in Middel-Italië, waaroor pous Pius VI uit sy paleis in Rome, die Vatikaan, gesag gevoer het, en die koninkryk van Napels en Sisielië, die vors waarvan met 'n suster van Marie Antoinette getroud was en hom op aandring van sy vrou reeds in 1793 by die koaliesie teen Frankryk aangesluit het.

Met verbluffende snelheid trek Napoleon oor die lae, heuwelagtige uitlopers van die Alpe langs die kus, en Viktor Amadeus moes na 'n paar gevegte om vrede smeek en Nissa en Savoie aan Frankryk afgee. Op 10 Mei 1796 volg die groot Oostenrykse neerlaag by Lodi, wat tot die val van Milaan lei. Napoleon se belofte aan sy soldate was vervul; hulle kon hul met die vettigheid van die hele Lombardye versadig; maar sy eie ambisie het veel verder gegaan. Om sy latere triomfante-like ontvangs in Parys te verseker, stuur hy groot hoeveelhede van die buit, veral kosbare skilderye en ander skatte, daarheen. Hy bind ook so die hande van die *Directoire*, aan wie se bevel hy hom slegs onderwerp as hy daarmee instem. Intussen ruk hy teen die sterk gevestigde Mantua op en raak op 15 November by Arcole weer slaags met die Oostenrykse hoofmag. 'n Verskriklike geveg volg. Beslissend vir die uitslag was die besit van 'n brug oor die Alpone. Napoleon, wie se voortreflikheid as krygsman veral bestaan het in die deeglikheid van sy organisasie, die snelheid van sy onverwagte bewegings en sy vermoë om op die regte tydstip sy mag op die strategies belangrike punte te konsentreer, vrees dat die aanval op die brug sal misluk. Hy gryp 'n vlag, gaan self sy manskappe voor, skiet byna die lewe daarby in, maar bereik sy doel en behaal die oorwinning. 'n Verdere poging van die Oostenrykers om Mantua te ontset is by Rivoli teruggeslaan en op 3

NAPOLEON BONAPARTE.

Februarie 1797 moes Wurmser met sy hele armee kapituleer. Napoleon trek vinnig verder deur Venesiaanse gebied en nader weldra die Oostenrykse hoofstad tot op twee dagreise. Die keiser het hom nie meer in Wene veilig gevoel nie. Die oorwinnings van sy troepe noord van die Alpe, waar Moreau en Jourdan oor die Ryn moes terugval, het hom niks meer gehelp nie. Hy sluit dus die Vrede van Campoformio en tree uit die koaliesie. By Campoformio is ook oor groot dele van Italië beskik. Venesië, die eertyds trotse Vorstin van die Adriatiese See, is aan Oostenryk verkwansel om die keiser enigsins vir die verlies van Lombardye en die suidelike Nederlande te vergoed. Uit Milaan, Mantua en ander aangrensende verowerde gebiede smee Napoleon 'n nuwe rewolutionêre republiek saam, wat nes Genoa, waar 'n soortgelyke stigting intussen tot stand gekom het, en die Bataafse Republiek die Franse bondgenootskap moes aanvaar.

Terwyl Napoleon so besig was om volgens sy eie insigte vrede te sluit, was sy oog ook op Parys en Frankryk gerig. 'n Groot gevaar het daar gedreig. Barras en sy ander vriende in die *Directoire*, wie se steun hy voorlopig nog nodig gehad het, kon nie meer 'n nuwe rojalistiese beweging teenhou nie. In die wetgewende liggame het hulle vyande baie sterk begin word, en niemand minder as Pichegru, die verraaier, is tot voorsitter van die Raad van Vyfhonderd gekies. Napoleon, goed ingelig o.a. deur die sluwe Talleyrand, stuur een van sy trouste offisiere, Augereau, na Parys; en toe die lede van die Raad van Vyfhonderd op 4 September 1797 in die vergader-saal verskyn, vind hulle dit in die besit van Augereau en sy troepe. Hierdie staatsgreep het pragtig geluk. Die „gesuiwerde” wetgewende vergadering het die opposisie eenvoudig tot dwangarbeid in Cayenne veroordeel, en selfs Carnot sou daarheen gedeporteer geword het, as hy nie tydig na Duitsland gevlug het nie. Napoleon keer ook teen die end van die jaar 1797 na Parys terug. As 'n onbekende generaal het hy in 1796 die stad verlaat. Nou was hy feitlik die gebieder oor Frankryk. Die volk juig hom geesdriftig toe, en die regeringsliggame onderwerp hulle gedienstig aan sy wil. Met vorstelike hooghartigheid sien hy nou reeds op sy omgewing neer. Hy was vas oortuig dat hy vir nog veel groter dinge voorbeskik was. Hy het aan „sy ster” geglo. Dit sou blyk 'n skiet-ster te wees, maar vinnig sou dit hoër en hoër styg en met toenemende glans aan die hemel skitter.

§ 2. Die Ster bereik sy Hoogtepunt.

Na die Vrede van Campoformio het Frankryk alleen nog met Engeland in oorlog verkeer. Die moeilikheid vir die Franse gesagvoerders was om te besluit hoe om die ou erfvyand by te kom. Die plan om 'n aanval oor die kanaal te waag is bespreek, maar sou natuurlik onuitvoerbaar bly, solank soos die Engelse oppermag op see nie geknak was nie. Napoleon ontwerp dus die grootse plan om met die Mohammedaanse wêreld as bondgenoot Engeland in Indië te verslaan, en die *Directoire* stem toe. Egipte sou die eerste stap wees, maar met die Sultan van Konstantinopel sou ook op die regte tyd onderhandel word, en die vyande van Engeland in Indië is intussen reeds opgestook. Die vernaamste was Tippoe Sahib, die vors van Mysore in Suid-Indië. Hy en die Mahrattas van Middel-Indië het die Engelse baie las gegee, en die groot werk van Clive en sy opvolger, Warren Hastings, was somtyds in gevaar. In alle stilte is alles voorberei, en op 19 Mei 1798 seil Napoleon met 'n groot vloot en 'n leër van 35,000 man uit Toulon. Sy ster het hom goed gelei. 'n Engelse vloot onder Nelson het hom tevergeefs gesoek, en nadat die Franse in die verbygaan Malta beset het, kom hulle op 1 Julie voor Alexandrië aan. Egipte was teoreties 'n provinsie van die Sultan van Konstantinopel, maar die Mamelukke, 'n militêre kaste, het die land beheer. Napoleon ruk op teen Kaïro, verslaan die Mamelukke by die Piramide en trek die hoofstad in — maar 'n verpletterende ramp was op hande.

Nelson was nie 'n man wat 'n opgevatte taak onvoltooid sou laat nie. Nes De Ruiters onder sy land- en tydgenote, was hierdie merkwaardige seeman die verpersoonliking van die krag van die Britse mariene. Op jeugdige leeftyd het hy die huis van sy vader, 'n Engelse predikant, verlaat om sy groot loopbaan op die see te begin. Sy opgewektheid, onstuimige dapperheid en oordeelkundige beleid het hom gou promisie gebring, en gedurende die Amerikaanse Vryheidsoorlog is hy tot kaptein bevorder. Die tien vredesjare, 1783 — 1793, het sy opgang verhoog, maar toe die Britse seemag eindelijk weer die stryd teen die vyand oorkant die kanaal moes aanbind, was hy des te ryper vir die groot werk wat aan hom opgedra sou word. Hy behaal groot onderskeiding in verskillende gevegte, verloor daarby 'n oog en 'n arm, en kry in 1797 die admiraalstitel en vervolgens die opdrag om in die Middellandse See Napoleon se planne te dwarsboom. Op 1 Augustus 1798 ontdek Nelson eindelijk die Franse vloot in Aboekirbaai naby Alexandrië.

Nes by sy groot teenhanger op land, was dit sy geliefkoosde taktiek om die vyand gou en op sy swakste punt aan te gryp en deur 'n onverwagte wending ("the Nelson touch") totaal te verpletter. Die son was reeds aan die ondergaan en onbekende sandbanke het die baai gevaarlik gemaak, maar Nelson laat onmiddellik aanval, en toe die nag daal, was Napoleon sonder 'n vloot.

Die posiesie van die Franse in Egipte was nou baie kritiek. Op die berig van Nelson se oorwinning draai die Sultaan van Konstantinopel definitief teen Frankryk. Napoleon wend nog 'n hopelose poging aan om hom op land te bedwing, maar voor Aker is sy opmars langs die kus van Palestiena gestuit, en hy moes op die Nyl terugval. In Europa het intussen groot veranderinge plaasgevind, wat sy teenwoordigheid in Frankryk dringend noodsaaklik gemaak het. Rusland, Oostenryk, Napels-Sisielië en Turkye sluit met Engeland 'n tweede groot Europese koalisie teen Frankryk, en in die eerste maande van 1799 het die vooruitsigte vir die Franse republiek baie onheilspellend geword. Die Oostenrykers, deur 'n groot Russiese leër onder Suworow gesteun, verower Noord-Italië en vernietig die werk van Napoleon. Ander Fransgesinde rewolusionêre republieke, wat in die tussentyd in Rome en Napels opgerig is, en wat o.a. gelei het tot die verskuiwing van die Neapolitaanse hof na Palermo op Sisielië, is met verskriklike wreedheid omvergegooi. Ook langs die Ryn moes die Franse generaals weer voor die vyand wyk. Onder sulke omstandighede laat Napoleon sy leër in Egipte in die steek en keer in Oktober 1799 na Frankryk terug. Sy ster het hom weer geluk gebring. Die Engelse kapteins wou hom op die see opvang, maar die skip waarop hy was, het ongemerk deurgeglip, en op presies die juiste tydstip kom hy in Parys aan. Die Franse volk, in die hoop dat hy die skande van die vyandelike oorwinnings in Noord-Italië weer sou uitvee, het hom sy eie mislukte tog na Egipte vergewe, en ontvang hom met gejuig. Die kans vir Frankryk was intussen ook verbeter, want Suworow is deur 'n Franse leër onder Massena verslaan, en die tsaar het sy troepe teruggetrek en alle samewerking met Oostenryk afgebreek.

Napoleon maak eers sy posiesie in Frankryk veilig. Deur 'n tweede staatsgreep op 9 November 1799, 18 Brumaire volgens die republikeinse kalender, waarby militêre geweld weer die deurslag gegee het, kom daar 'n nuwe konstitusie tot stand. Die wetgewende mag sou by drie gekose kamers berus, maar oor hulle is 'n kollegie van drie konsuls benoem, en die hele staatsgesag het feitlik oorgegaan in die hande van die Eerste

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

Konsul, Napoleon Bonaparte. Tot sy ministers het hy o.a. gekies: Talleyrand, die geslepe diplomaat, vir die buitelandse sake, en Fouché met sy fynsinnige speurderstalent om as hoof van die politiesewese binnelandse sameswerings uit te snuffel en te onderdruk. Ook die provinsies is direk onder die beheer van Napoleon gestel. In elke *departement* (d.w.s. distrik) het 'n prefek, deur die regering benoem en derhalwe heeltal van Napoleon afhanklik, die gesag gevoer. Frankryk was dus nou weer 'n land met 'n sterk-gesentraliseerde regeringsvorm. Van die rewolusionêre *Vryheid* was nie meer veel oor nie; die pers b.v. is streng gekontroleer. Ook die *Broederlikheid* het nie sterk op die voorgrond getree nie, want vir 'n vyand van die Eerste Konsul was daar geen genade nie. Die *Gelykheid*, dié groot uitvloeisel van die rewolusie, is egter gered. In die leër en die administrasie het almal dieselfde kanse gehad, mits natuurlik hulle regerings getrou bly.

Nou was Napoleon klaar om met die buitelandse vyande af te reken. Onverwags trek hy met 'n groot leër deur ys en sneeu oor die Groot Sint-Bernhardspas en verskyn op 2 Mei 1800 in Milaan. Ses weke later word hy byna by Marengo deur die Oostenrykers verslaan, maar een van sy generaals, Defaix, verskyn net betyds met versterkinge en die gevreesde neerlaag word 'n glansryke oorwinning. Moreau maak intussen ook vordering in Suid-Duitsland en verslaan eindelik in Desember 1800 die noordelike Oostenrykse leër by Hohenlinden naby München. Oostenryk was weer van die baan af en sluit in Februarie 1801 die Vrede van Luneville, waarvolgens die Franse invloed in Italië herstel is en die Ryn, soos reeds by Campoformio bepaal was, die oosgrens van Frankryk sou wees.

Engeland het nou weer alleen gestaan — en wel teen 'n hele aantal vyande. Spanje het reeds geruime tyd tevore die Franse kant gekies, en die Engelse politiek, nl. om deur die opvang en ondersoek van neutrale skepe die toevoer na Frankryk te belemmer, het vir Rusland, Sweden, Denemarke en Pruise daartoe beweeg om in 1800 'n gewapende neutraliteitsverbond teen Engeland te sluit. Die nood onder die laer klasse in Engeland het hoog gestyg. Daar was broodsgebrek, want die graanskepe uit die Baltiese See (die Oos-See) kon nie deurkom nie. 'n Groot oorwinning van Nelson voor Kopenhagen het die posisie nie gered nie, en Geörg III met sy volk wou vrede hê. Pitt, was as eerste minister die politiek van sy vader teen die erfvyand wou voortsit, moes sy ontslag neem, en in Maart 1802 is die Vrede van Amiens tussen Engeland en Frankryk bekragtig. Vir die eersgenoemde was dit 'n verne-

dering, want met die uitsondering van Seilon en Trinidad, wat respektieflik op Nederland en Spanje verower was, moes al die oorsese verowering, dus ook die Kaap, teruggegee word.

Dieselfde energie en bekwaamheid, wat hom as soldaat gekenmerk het, het Napoleon nou as diplomaat en administrator in die kort vrede tyd, wat hom gegun is, aan die dag gelê. Reeds tydens die onderhandelinge vóór die Vrede van Amiens het hy aan die stryd tussen die Pous en rewolusionêre Frankryk 'n end gemaak. Hy was bewus daarvan dat die Franse volk sy aanhanklikheid aan die katolieke godsdiens nog altyd behou het, en die noodsaaklikheid om met hierdie diep-ingewortelde nasionale gevoel rekening te hou, was hom opgedring. Hy sluit dus op 15 Julie 1801 met Pius VII die sogenaamde konkordaat, wat die geestelike oppergesag van die Pous in Frankryk herstel het. Napoleon behou egter die reg om die biskoppe te benoem, en hulle stel onder goedkeuring van die regering hulle ondergeskiktes aan. Die besoldiging van die geestelikes deur die regering het ook voortgeduur, maar sonder die pouslike insêning kon geen biskop sy amp aanvaar nie, en oor geloofsake het die Heilige Vader in die Vatikaan natuurlik beslis. 'n Franse wet, die sogenaamde „Organiese Artikels” van Napoleon, het egter nog bepaal, dat sonder die verlot van die regering geen pouslike bul in Frankryk afgekondig en geen Franse biskop na Rome mag gaan nie.

Na 18 Brumaire het Napoleon aan een van sy helpers, ons ou bekende, Siéyès die grondwetmaker, gesê: „Nou moet ons bou en sterk bou;” en één groot monument wat destyds opgerig is, staan vandag nog. Die verwarde, voor-rewolusionêre regsstelsel het met die koningskap in duie geval, maar die uitvloeisels van die rewolusie was ook op hierdie gebied nog nie duidelik gekonsolideer nie. Napoleon het dus 'n kommissie van regsgeleerdes aangestel om aan die heersende verwarring op regsgebied 'n end te maak, en die resultaat van hulle werksaamhede, aangevul deur sy eie skerpinnige opmerkings, was die beroemde *Code Napoléon* van die jaar 1804. Hierdie kodifikasie, die grondslag waarvan die gelykheid van alle persone voor die gereg was, geld nog in Frankryk, en nie alleen daar nie, want ook in die verowerde gebiede, België, Nederland, Duitsland, Italië, het dit eindelik die ou regstelsels blywend vervang.

Dit sou ons te ver voer om Napoleon se verdere hervormings in besonderhede te volg. Hy het handel en nywerheid aangemoedig, weë en skole laat bou, kanale laat grawe, die wetenskap begunstig, ens. Die reeds aangehaalde woorde: „Hy weet alles, hy kan alles, en hy wil alles,” was ook op hom as regeerder

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

van toepassing, en die Franse volk wat onder sy despotieke maar geniale leiding weer 'n periode van bloei kon tegemoet sien, het hom in sy posisie versterk. Op die vraag, of die Eerste Konsul vir sy lewe sy pos moes behou, het drie en 'n half miljoen kiesers *ja* en slegs ag duisend *nee* geantwoord. Sy nuwe amp, wat hom ook die reg verleen het om sonder die volksverteenwoordiging te raadpleeg, vrede en verdrae te sluit, het hy op 4 Augustus 1802 aanvaar. Sy verjaarsdag was 'n nasionale feesdag. In die Tuilerieë, waar sy Italiaanse buit die vergulde sale van die Bourbons versier, het hy soos 'n vors hofgehou. Die benaming „Burger” of „Burgers” het uit die mode geraak, eretitels is weer ingevoer, en die wit ster van die nuwe Erelegioen was 'n seer gesogte onderskeidingsmerk.

Reeds in 1802 het Frankryk onder Napoleon 'n sterker posisie in Europa ingeneem as selfs in die tyd van Lodewyk XIV. Die suidelike Nederlande en die linker Rynoewer het binne sy grense geval; in Noord-Nederland, Switserland en Italië was republieke, wat meer of minder direk aan die Franse politiek vasgekoppel was; en ook in Duitsland was 'n proses aan die gang wat die westelike deel daarvan in die Franse invloedssfeer sou bring, want onder die beskerming van Napoleon is Duitse vorste, wat op die linkeroewer van die Ryn gebied moes afstaan, in Duitsland self skadeloos gestel. Die gevolg hiervan was dat meer as 'n honderd selfstandige Duitse staatjies daarby hulle onafhanklikheid verloor het. Vir die toekoms van Duitsland was dit wel van groot belang, want verbrokkeling was die bron van sy swaakheid, maar dat Napoleon ook hier feitlik as 'n diktator kon optree, het die moontlikheid van 'n suksesvolle verset teen hom uit hierdie rigting nog kleiner gemaak. Die enigste Duitse state, wat as groot Europese moondhede kon beskou word, was Oostenryk en Pruise. Die eersgenoemde was reeds tweemaal verslaan, en dit sou weldra blyk dat verouderde instellings en onbevoegde regeerders die koninkryk van Frederik die Grote binne 'n kwarteeu na sy dood tot in die grond verswak het.

Die Vrede van Amiens is nie deur die gesagvoerders in Engeland as die finale afsluiting van die stryd teen Napoleon beskou nie, en die Engelse volk kon moeilik sonder ongerustheid toesien, dat die mag van Frankryk in Europa en op die see (want ook aan die vloot het Napoleon sy aandag gegee) so strek word. Napoleon sou waarskynlik die weeruitbreek van die oorlog liefs nog opgeskuif het, maar 'n vredesman was hy ook nie, en hy het hom geensins beywer om op 'n goeie voet

met Engeland te bly nie. Dat die Engelse sy voortgesette ingryp in die Duitse, Switserse en Italiaanse sake gewantrou het, sou hom nie van sy koers bring nie, en hy het hulle skerp daaraan herinner dat Malta, wat volgens die vredesbepalings aan die vroeëre eienaars, die Sint-Jansridders, moes teruggegee word, nog nie deur hulle ontruim was nie. Hy laat Hannover, die Duitse erfenis van Georg III, deur sy troepe beset, en in Mei 1803 verklaar Engeland die oorlog aan Frankryk.

Belangrike krygsoperasies het nie onmiddellik gevolg nie. Napoelon sluit die kuste van Frankryk en van die lande, wat onder sy invloed staan, teen die Engelse handel, terwyl die Engelse mariene op 'n groot skaal skepe opvang. Die vyande, elk meester op sy eie terrein, kon mekaar nie bykom nie. In die tussentyd styg Napoleon tot die hoogste waardigheid. 'n Sameswering om hom te vermoor, waarby o.a. Pichegru betrokke was, is in Februarie 1804 ontdek, en om sy posiesie deur die instel van 'n Napoleontiese dinastie te versterk, besluit sy gediensstige ondersteuners in die verteenwoordigende wetgewende liggame, natuurlik met sy samewerking, om hom tot erflike keiser te maak. Die volk juig dit toe, en op 20 Mei 1804 aanvaar hy die keiserstietel. Pous Pius VII kom van Rome oor en salf hom met die heilige olie in Notre Dame, maar Napoleon sit self die kroon op sy eie hoof.

In Engeland tree Pitt nou weer aan die bewind as eerste minister, en dit geluk hom om 'n derde koaliesie teen Napoleon te vorm. Keiser Frans II van Oostenryk en die Russiese tsaar, gesteun deur die koning van Sweden, sou weer die stryd teen hulle rewolusionêre ranggenoot aanbind, maar hulle voorbereidinge was nog nie klaar nie, en Napoleon se oog bly in die tussentyd op Engeland gevestig. Eindelik wou hy dit waag om met sy leër oor die kanaal te gaan en die gehate en onversoenlike „winkeliersvolk,” soos hy die Engelse genoem het, klein te kry. Groot troepemassas is by Boulogne versamel, en die Frans-Spaanse vloot (want Spanje was weer die bondgenoot van Frankryk) onder Admiraal Villeneuve sou, al was dit ook maar vir vier-en-twintig ure, die kanaal vir Napoleon probeer skoon hou. Om Nelson te mislei, seil Villeneuve eers na die Wes-Indiese Eilande. Die Engelse seeheld volg hom daarheen maar keer ook op sy hakke terug, en Villeneuve hou hom 'n tydjie in die hawe van Cadiz skuil. Nelson en ander Engelse admirale het deur hulle waaksaamheid Napoleon se plan teen Engeland verydel, maar hom ook miskien die herhaling op 'n veel groter skaal van sy Egiptiese ondervinding bespaar, want solank soos die Engelse vloot die oppermag behou het, en die

verbinding met Frankryk kon afsny, was 'n landing in Engeland baie gewaag. Wat daar ook egter van sou geword het, Napoleon laat in Augustus 1805 sy plan val en keer hom blits snel teen die oostelike vyande. Hy trek oor die Ryn, kry nog ondersteuning van sommige Duitse state, Baden en Wurtemberg, b.v. en dwing die eerste Oostenrykse armee onder Mack om op 20 Oktober in Ulm te kapituleer.

Die berigte van hierdie skitterende begin is in Frankryk deur nuus van 'n ander aard oorskadu. Villeneuve het bevel gekry om van Cadix na die Middellandse See te seil, en op 21 Oktober 1805 vind die waaksame Nelson hom naby Kaap Trafalgar. Die Engelse vloot het uit 27 skepe bestaan, die Franse uit 33, maar die uitslag was nooit onseker nie. Die vlagseine versprei Nelson se inspirerende slagleuse: "England expects every man to do his duty," en wek die geesdrif onder sy matrose wat hy alleen kon oproep; maar ook deur sy geniale slagformasie en strategiese leiding, „the Nelson Touch," is hierdie grootste oorwinning in die geskiedenis van die Engelse mariene behaal. Die hele vyandelike vloot is vernietig of buitgemaak, en die laaste kans van Napoleon om ooit op see iets uit te voer het verdwyn; maar Engeland het sy seëpraal duur gekoop want Nelson is op sy admiraalskip, die *Victory*, dodelik getref. Sy laaste woord was: „Thank God, I have done my duty." Sy gebeente rus in die Sint-Paulskerk in Londen, en *Trafalgar Square*, waar die leus aan die voet van die reusekolom waarop sy standbeeld staan hulle versteende wag hou, herinner die miljoene van die rykshoofstad aan sy groot redende daad.

Villeneuve se neerlaag het dit vir Napoleon des te noodsaakliker gemaak om deur nuwe oorwinnings sy posisie in Frankryk en Europa te versterk. Sy sug na heerskappy en oorlogsroem was wel onversadigbaar, maar hy het daarby tereg gevoel dat sy troon onder misslae gou sou wankel. Lodewyk XIV kon 'n oorlog verloor en sy kroon behou, maar die advokaatseun uit Korsika moes om keiser te bly 'n onverwelkte viktoriekrans dra. En, soos gewoonlik die geval met 'n geweldenaar is, daar sou vir hom altyd vyande wees, wat verslaan *moes* word. Met sy rug na die ongenaakbare Engeland gekeer, sit hy nou sy mars op Wene voort. Hy trek die stad in, want keiser Frans II van Oostenryk was in sy noordelike provinsie, Morawië, by sy troepe, wat deur die aankoms van tsaar Alexander met 'n groot Russiese leër baie versterk was. Napoleon volg die vyand vinnig op, en by Austerlitz verslaan hy op 2

NAPOLEON BONAPARTE.

Desember 1805 die gekombineerde leërmagte van Oostenryk en Rusland.

Toe die tyding Engeland bereik, roep Pitt uit: „Roll up that map (of Europe); it will not be wanted these ten years.” Sy profesie is tot op ’n jaar vervul, maar hy was minder gelukkig as sy vader in 1763: die uiteindelijke triomf by Waterloo in 1815 het hy nie beleef nie. Op 23 Januarie 1806, terwyl die ster van Napoleon nog steeds aan die styg was, het die groot Engelse staatsman gesterf.

By die Vrede van Pressburg, 26 Desember 1805, het Oostenryk die wapens neergelê en Italië prysgegee. Oor hierdie land het Napoleon nou heeltemal na eie keuse beskik. Twee van sy susters het oor Italiaanse hertogdomme geregeer. Hy self het sedert enige tyd die titel „koning van Italië,” gedra, en sy stiefseun, Eugène de Beauharnais, het as onderkoning vir hom opgetree in die koninkryk van Italië, d.w.s. die Po-dal, Venesië en veel aangrensende gebiede na die suide toe. Die Bourbonse vors is uit Napels en Sisielië verjaag, en Josef Bonaparte, ’n broer van Napoleon, het hier koning geword. Die meer of min demokratiese republieke, wat rewolusionêre Frankryk buitekant sy grense in die lewe geroep het, verdwyn dus weer, ook die Bataafse Republiek, waar Lodewyk Napoleon, ’n ander broer, as koning van Holland die keiserlike bevele moes nakom. Die Napoleontiese dinastie beheers so Europa van die Suider-See tot in Sisielië, en die grootste gedeelte van Duitsland was ook reeds ’n aanhangsel van Frankryk. Die ou Duitse Ryk is in 1806 heeltemal opgelos, en met die uitsondering van Oostenryk en Pruise sluit die Duitse state die Rynbond. Die skoonklinkende doel van hierdie konfederasie, soos neergelê in die akte wat Talleyrand opgestel het, was om die vrede in Duitsland te verseker, maar die lede van die Bond het Napoleon as „Protecteur” erken en moes hulle aan sy wil onderwerp. Hulle moes b.v. as bondgenote van Frankryk 63,000 soldate tot sy beskikking stel. Betower deur sy genie en mag en gelok deur landskendings, ten koste natuurlik van die honderd klein staatjies wat hulle selfstandigheid moes prysgee, het die Duitse vorste die vreemde juk getroos gedra, maar onder die volk was daar wel mense wat die skande daarvan nie kon verkrop nie. Palm, ’n boekhandelaar van Nürnberg, het ’n geskrif getitel *Duitsland in sy diepe Vernedering* versprei. Op Napoleon se bevel is hy op 26 Augustus 1806 doodgeskiet.

Pruise het sedert sy aandeel aan die begin van die oorlog teen die Franse Rewolusie probeer neutraal bly, en het die gunstige geleentheid om vóór Austerlitz sy heil in ’n verbond

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

met Oostenryk en Rusland te soek ongebruik laat verbygaan. Nou was dit te laat. Die onderwerping van Pruise was onvermydelik, want Napoleon se planne het dit geëis, en met die Russe aan die terugtrek, sou die geïsoleerde en verouderde Pruisiese leër maklik deur hom oorompel word. Dit het by Jena gebeur, en op 27 Oktober 1806, terwyl al die kerkklokke van die stad hom op sy bevel jubelend begroet, trek Napoleon Berlyn in. Enkele Pruisiese aanvoerdere het hom wel nog las gegee, maar na 'n paar maande was ook Königsberg, die historiese ou koningstad van die Hohenzollerns, deur die Franse beset, en terwyl Frederik Wilhelm III van Pruise om vrede smeek, laat Napoleon „die karakterlose domkop,” soos hy hom genoem het, minagtend links lê en trek tsaar Alexander teemoet. By Tilsit op 'n vlot in die Memel het die twee keisers van Oos- en Wes-Europa op 23 Junie 1807 mekaar die hand gegee en vrede gesluit. Oor die hele Europa is hier beskik, Rusland sou in die ooste, van Sweden tot in Turkye, vry spel kry, en as getroue bondgenoot Napoleon in sy stryd teen Engeland steun. Verder is bepaal dat geen Europese staat neutraal mag bly nie. Ook die Skandinawiese lande en Portugal sou aangespoor word om in die oorlog te tree. Tsaar Alexander het op laas nog 'n goeie woordjie vir Frederik Wilhelm gedaan, en „om Rusland te plesier het die keiser van Frankryk toegestem om aan die Pruisiese koning 'n stuk van sy land terug te gee.”

Nou was Napoleon klaar om 'n groot plan teen Engeland, waarmee hy al lank besig was, uit te voer. Kort na sy intrek in Berlyn het hy van daar op 11 November 1806 die kontinentale blokkade teen Engeland uitgevaardig. Dit was sy laaste groot troefkaart, en by Tilsit het hy die toeseëgging gekry, dat Rusland ook sou deelneem aan die plan om die hele Europa teen die Engelse handel te sluit. Die tsaar het dadelik sy betaling verseker; hy annekseer die Sweedse provinsie, Finland; maar Napoleon trek ook sy voordeel hieruit, want die Skandinawiese kuste is onder die „kontinentale sisteem” gebring. Dat een van sy veldmarskalle, Bernadotte, 'n advokaatseun en die swaer van sy broer, 'n tydjie later tot troonopvolger in Sweden benoem is, was egter minder na sy smaak, want hy het die nuwe Sweedse kroonprins met reg gewantrou. Denemarke se neutraliteit het nog gouer 'n end gekry. Hierdie land het die ongeluk gehad om 'n goeie vloot te besit, en Engeland wou voorkom dat Napoleon dit kry. Die Engelse regering eis dus in September 1807 die oorgawe daarvan, en toe die Deense gesagvoerders weier om hieraan gehoor te gee, bombar-

NAPOLEON BONAPARTE.

deur 'n sterk Engelse vloot vir Kopenhagen vier dae lank en voer die Deense skepe weg. Vir Denemarke was daar dus geen ander weg ope as om 'n bondgenoot van Frankryk te word nie. Nederland was intussen ook nog vaster aan Frankryk gekoppel. Reeds in 1806 moes die regering van die Bataafse Republiek op 'n duidelike bevel van Napoleon sy broer Lodewyk tot koning van Holland laat uitroep en die ou republikeinse ideaal totaal prysgee.

Terwyl sake so vir hom in Noord- en Oos-Europa op 'n gunstige basis ingerig word, keer Napoleon na Frankryk terug om sy posisie in die suide en weste ook verder te verseker. Die pous wou of kon die „kontinentale sisteem” nie uitvoer nie, maar 'n Franse leër beset in Februarie 1808 sy hoofstad, en Pius VII kon in sy politieke magteloosheid slegs geestelike banvloeke teen Napoleon slinger. Die geweldenaar het hom nie oor hulle ongerus gemaak nie; hy verwyder die Pous uit Rome en proklameer dit tot 'n „keiserlike stad” en tref vervolgens maatreëls om ook die Iberiese skiereiland meer direk onder sy beheer te bring. Met die goedkeuring van die swak en gedemoraliseerde Spaanse regering het Napoleon reeds teen die end van 1807 'n Franse leër onder Junot teen Portugal gestuur. Sonder om veel weerstand te ondervind en nadat die Portugese koninklike famielie onder Engelse beskerming na Brasilië gevlug het, kon Junot Lissabon intrek en die Portugese hawens teen die Engelse handel sluit. Terwyl dit gebeur, ruk veldmarskalk Murat in die begin van 1808 met 'n ander Franse leër teen Madrid op. Die voorgegewe doel van sy sending was om die Spaanse regering te help om die orde in die land te herstel, want die gedegeneerde seun van die Spaanse koning het 'n opstand verwek om sy vader van die troon te stoot. Murat verskyn in Madrid, en deur dreigemente en opstokery teen mekaar is die koninklike egpaar en hulle seun daartoe beweeg om vir Napoleon by Bayonne in die suidwestelike hoek van Frankryk te gaan ontmoet. Hy forseer hulle om afstand van die kroon te doen, benoem sy broer Josef tot koning van Spanje, en gee die koninkryk van Napels aan sy swaer Murat, die seun van 'n hotelhouer. So beskik Napoleon oor die kroone van Europa, en die afgeleefde ou dinastieë moes by sy magtige wilsbesluite berus. Of die volke van Europa hulle ook in slaafse onderworpenheid vóór hom sou buk, was 'n vraag waaroor hy hom nie bekommer het nie. Teenoor nasionale sentiment, soos ons weet, was hy ongevoelig, en op „die gepeupel” het hy met minagting neergesien. Tot sy verrassing waag die Spanjaarde, 'n trotse, konserwatiewe en streng-Katolieke volk, dit egter om

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

hulle nuwe koning nie te wil erken nie. Hulle versit hulle teen „die goddelose vreemdelinge” en dwing die Franse om Madrid te ontruim en oor die Ebrorivier terug te val. Die Engelse regering was dadelik gereed om hierdie volksopstand te ondersteun en stuur in Augustus 1808 vir sir Arthur Wellesley, wat ’n groot naam as krygsmán in Indië verwerf het, met 12,000 man na Portugal. Junot val hom by Vimiero aan, verloor die slag en moes volgens die Konvensie van Cintra, wat daarop gevolg het, Lissabon en die hele Portugal weer prysgee, maar so sterk was die weerstand van die Franse gewees, dat die onbevoegde opperbevelhebber wat later oor Wellesley aangestel is, toegestem het om vir Junot met sy hele leër in Engelse skepe na Frankryk te vervoer.

Napoleon het na die reëlings by Bayonne die Iberiese aangeleenthede voorlopig in die hande van sy ondergeskiktes gelaat, want hy moes weer terug na Duitsland om die Russiese keiser, wie se vriendskap onder die druk van die handelsblokkade, sterk aan die afkoel was, te ontmoet. Die samekoms het in September 1808 in Erfurt plaasgevind. Die vorste van die Rynbond was ook teenwoordig, en by die skitterende toneelopvoerings, konserte, ens., waarvoor Napoleon die beste kunstenaars en danseresse van Parys saamgebring het, kon die twee keisers van Wes- en Oos-Europa uit hulle loge op ’n „parket van konings” neersien. Onder al die feestelikheid is die dreigende breuk tussen Frankryk en Rusland op ’n manier herstel, en ofskoon die Spaanse opstand die volksontevredenheid in Duitsland laat toeneem het, en die Oostenrykse regering daardeur aangemoedig is om voorbereidsels vir ’n nuwe verset teen die dwinglandy van Napoleon te tref, het sy ster nog altyd in glans toegeneem. Met ’n leër van 200,000 man, die „grande armée,” waarin naas Franse ook Duitsers, Pole en Italianers gedien het, keer hy in triomf na Frankryk terug. Nou sou Spanje sy volle mag gewaar word. In November 1808 oorskrei hy die Spaanse grens en ’n maand later was hy in Madrid, en kon koning Josef die regeringsteuels daar weer opvat. Die verset van die Spanjaarde was wel nie heeltemaal uitgeblus nie, want verspreide klompies het ’n lastige klein-oorlog teen die gehate vyande voortgesit, maar die nasionale saak het baie swak gestaan, veral nadat ’n poging van die Engelse om die Spanjaarde te help, gestuit is. Sir John Moore, wat vanaf Oktober 1808 die opperbevelvoerder van die Engelse leër in Portugal was, het deur ’n inval in Spanje probeer om Napoleon se planne vir die finale onderwerping van die land te verydel. Dit was ’n groot waagstuk, want die keiser het oor 250,000 man beskik, en toe hy van Moore se opmars

NAPOLEON BONAPARTE.

kennis kry, het hy dadelik besluit om die hele Engelse leër af te sny en vernietigend te verslaan. Moore moes vinnig terugval, en Napoleon laat eindelijk die agtervolging aan veldmarskalk Soult oor. Met die Franse kort op hulle hakke bereik die Engelse die kus by Corunna, waar die skepe lê om hulle op te neem. Moore keer hom hier op 16 Desember 1808 teen die vyand, en ofskoon hy self in die slag gesneuwel en Franse voetstappe wel-dra oor sy verlate graf gegaan het, het hy vir Soult so gedug-teruggeslaan, dat die Engelse leër veilig ingeskeep kon word. Vir die Spanjaarde was dit egter maar 'n skraal troos.

Napoleon voer in die tussentyd die grootste deel van sy „grande armée” na Frankryk terug om 'n nuwe offensief teen Oostenryk op tou te sit. Hierdie keer het hy, nieteenstaande die hulp van sy Duitse bondgenote, dit heelwat moeiliker gevind om die oostelike vyand op die knie te bring. Daar was tekens van woeling in baie dele van Duitsland; in die Tirol b.v., wat Napoleon aan die koning van Beiere, sy gedweë volgeling, gegee het, breek 'n gevaarlike volksopstand uit; en in die Oostenrykse leër het die besielende gedagte dat dit 'n nasionale vryheidsoorlog was, al begin deurwerk; maar op 13 Mei was die Franse weer in Wene, en in die begin van Julie het Napoleon die vyandelike hoofmag by Wagram, wel nie totaal verslaan nie, maar tog so heftig aangeval en teruggestoot, dat keiser Frans vredesonderhandelinge aangeknop het. Op 14 Oktober 1809 is 'n vrede dan ook gesluit, wat vir Oostenryk weer 'n paar provinsies gekos het. Napoleon kon nogmaals in triomf na Parys terugkeer. Hy laat die onderwerping van die Tirolers aan hulle volksgenote, die Beiere, oor, en die dapper boere van die skilderagtige bergland in Suid-Duitsland is eindelijk verslaan. Baie van die opstandelinge is tot die dood veroordeel en het die koeël gekry. Ook hulle leier, Andreas Hofer, wat selfs om sy lewe te red sy geliefde Tirol nie wou verlaat nie, is gevang en in Mantua op die spesiale bevel van Napoleon doodgeskiet.

Helde sterf nie tevergeefs nie!! „Die bloed van die martelare was die saad van die Kerk;” en altyd bly dit waar, dat wie sy lewe vir 'n saak wat vir hom groot en heilig is, opoffer, die verwesenliking van sy ideaal nader bring; maar in 1809 en 1810 was dié patriotiese vryheidsgeesdrif, waarvoor die brutale geweld van die vreemde gewelddenaar uiteindelik tog moet swig, nog nie baie sterk in die Duitssprekende lande aanwesig nie. Trouens, toe die beulskote in Mantua val, vier die lafhartige Weners met groot gejuig — die laaste vernedering van hulle keiser. Napoleon se huwelik het kinderloos gebly, en sy grenslose ambisie maar ook die inherente swakheid van sy posisie,